Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 5. Kaapstad, Woensdag, 25 Sept. 1946. No. 44.

# Russiese V-Bomme Bereik Afrika

Iewers in Oos-Europa is een of ander moondheid besig om op groot skaal proewe uit te voer met vlieënde bomme. Gedurende die afgelope weke het bomme of vuurpyle met enerse voorkoms bo verskeie Europese lande en in Noord-Afrika verskyn. Die bron van hul afkoms het tot dusver onbekend gebly. Al inligting wat beskikbaar is, is dat Duitse fabrieke in Oos-Duitsland besig is om met behulp van Duitse tegnici op groot skaal vir die Russe krygstuig te vervaardig, waaronder verdere ontwikkelings van die V-wapens.

Die eerste van hierdie vuurpyle het hul verskyning bo Swede gemaak. Sommige het op Sweedse bodem geval nadat hulle in stukke gebars het. Hulle het uit 'n oostelike na 'n westelike rigting getrek. Later is berig ontvang dat sodanige vuurpyle ook hul verskyning bo Holland gemaak het. Dieselfde vlieënde bomme is verlede week bokant Frankryk bespeur.

'n Vliegende projektiel met 'n stert van vlamme is ook verlede week bokant Fez, omtrent 170 myl van Casablanca in Noordwes-Afrika gewaar.

Ooggetuies verklaar dat die bom uit die ooste na die weste getrek het en dat dit 'n lang dun stert van geel-groen vlamme gehad het. Sy snelheid is baie groter as dié van die vinnigste vliegtuig.

Politieke waarnemers beskou hierdie bommevaart as 'n senuwee-oorlog van Rusland in sy imperialistiese beleid wat krag moet voeg by sy gebiedseise in Europa en die Nabye Ooste.

### UITVOERDERS VAN VLEIS DROOM SÊ DR. VAN ECK

Die voedselbeheer-organisasie beoog tans 'n registrasieskema deur middel van handelaars dwarsdeur die land sodat voedselrantsoenering oor die hele land toegepas kan word. Dit geld egter nie vir die nege stedelike gebiede waar die koeponstelsel noodsaaklik geag word nie. Dit is moontlik dat die registrasieskema op die platteland en in die groter sentrums gelyktydig sal plaasvind.

Dr. H. J. van Eck het verklaar dat die mense te veel waarde heg aan die kaloriewaarde van die voedsel en nie genoeg aandag bestee aan die beskermende voedselsoorte nie. Groente bevat hoofsaaklik beskermende voedselbestanddele soos minerale en vitamines. Hy het verklaar dat die mense wat dink dat daar genoeg vleis is sodat ons dit na die buiteland kan uitvoer, in 'n droom leef.

# Klinkende Oorwinning Vir Samewerking Aan Rand

*Die ooreenkoms tussen Afrikanergroepe 'n paar weke gelede in Benoni het verlede week 'n naklank gehad toe die H.N.P.-leiding probeer het om die ooreenkoms ongedaan te maak. Die inmenging van bo het egter uitgeloop op 'n klinkende oorwinning vir die beweging van samewerking.*

Mnr. Ben Schoeman en dr. H. F. Verwoerd, redakteur van Die Transvaler, het namens die Randse beheerraad van die H.N.P. die tak Northmead gaan aanspreek oor die ooreenkoms wat met die O.B., die Gryshemde en ander nasionaalgesindes aangegaan is waarkragtens elkeen sy eie identiteit behou en hulle onderneem het om die H.N.P.-kandidaat in die op hande synde stadsraadverkiesing te ondersteun. Dr. Verwoerd het in opdrag van sy partyraad beswaar aangeteken teen die reëling en gesê dat die H.N.P. die eenheidsgedagte steun, maar dan net op die grondslag soos oorspronklik deur die Gryshemde aangekondig, d.w.s. sonder erkenning van die ander nasionale groepe. Hy het 'n voorstel ingedien dat die ooreenkoms verbreek moet word.

Lede van die tak het egter aangevoer dat hulle nie hul gegewe woord kan breek nie, daar uitdruklik ooreengekom is dat elke groep se identiteit erken word. Dit was 'n eerbare ooreenkoms, en die kandidaat, mnr. G. E. Bekker, wat ook voorsitter van die H.N.P.-tak is, het op daardie grondslag die samewerking aanvaar.

Dr. Verwoerd se voorstel is daarop met 28 teen 4 stemme verwerp. Hy het die vergadering verlaat en belowe om die saak by die Federale Raad aan te meld.

Na verneem word, het mnr. Bekker te kenne gegee dat hy hom nie van sy saamwerkbeleid sal laat afdwing nie. Die tak het besluit om hom as onafhanklike kandidaat te ondersteun indien hy deur die partyleiding geskors sou word.

Daar word gevoel dat mnr. Bekker 'n kans op oorwinning in die stadsraadverkiesing het mits die Afrikanergeledere verenigd en besield die stryd kan aanpak. Daarvoor was samewerking die waarborg.

# V.S.A. Bekragtig Sterk Beleid Teen Sowjet

Nadat hy 'n toespraak gehou het waarin hy 'n vreedsamer beleid ten opsigte van Rusland bepleit en gewaarsku het dat Amerika hom terwille van Britse imperialisme in 'n oorlog laat sleep, is Henry Wallace, Amerikaanse minister van handel, verlede week deur pres. Truman gevra om uit die kabinet te bedank.

Pres. Truman het aanvanklik verklaar dat hy akkoord gaan met Wallace se toespraak, maar nadat daar 'n storm in die Amerikaanse pers losgebars het, het die president beduie dat dit 'n misverstand was en dat hy maar net die reg van Wallace om 'n toespraak te hou, goedgekeur het. Na 'n samespreking met Truman het Wallace onderneem om hom tot na die vredeskonferensie te onthou van kommentaar oor buitelandse sake. Intussen het James Byrnes, minister van buitelandse sake, wat juis so pas 'n sterk standpunt teenoor Rusland op die vredeskonferensie begin inneem het, aangedring op die bedanking van Wallace, waarop pres. Truman hom gevra het om die kabinet te verlaat, en die beleid van Byrnes as die amptelike V.S.A.-beleid bevestig het. Die Amerikaanse pers het die stap toegejuig, en die aandele van staal het omhooggeskiet.

(Toetsvraelyste wat 'n paar maande gelede nog aan die lig gebring het dat 76 persent van die Amerikaanse publiek van oordeel is dat Truman maklik 'n verkiesing sal wen, het 'n paar weke gelede daarop gedui dat 67 persent van die publiek tans meen dat hy geen kans op 'n oorwinning het nie. Dit was nog voor die Wallace-krisis.)

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 702, Kerkplein, Kaapstad.

# Geskiedkundige Toespraak



James Byrnes, Amerikaanse minister van buitelandse sake, besig om sy historiese toespraak in Stuttgart, Duitsland, te hou, waarin Amerika te kenne gegee het dat hy hom gaan beywer vir 'n Duitsbestuurde „Verenigde State van Duitsland". Die New York Herald Tribune het in verband hiermee gesê: „Die Verenigde State het nou die stryd begin vir Duitsland teen die Sowjet-unie. Die beslissing om dit te doen —een van die gewigtigste wat nog ooit deur 'n Amerikaner geneem is — het noodsaaklik geword weens die mededinging tussen die Sowjet- en die Westerse stelsels wat dwarsdeur die wêreld aan die gang is."

# Vakbond In Paleis Gestig: Hoër Lone vir Koning se Bediendes

Die koning met sy gesin sal tydens hul besoek in Suid-Afrika vergesel word van tien lede van die koninklike huishouding. Dit sluit in sekretarisse, lyfbediendes, haarkappers, polisie en adjudante.

Hierdie koninklike bediendes het so pas 'n verbetering in hul diensvoorwaardes verkry as gevolg van die stigting van 'n vakbond van paleisbediendes. Die onmiddellike gevolg van die vakbond se totstandkoming was 'n vermeerdering van soveel as per week in salarisse.

Daar is vyf maande gelede met die vakbond begin toe bediendes in die koninklike paleis tot 'n staking oorgegaan het terwille van hoër lone, na in die Amerikaanse pers berig is. Hulle het toe ook lewenskostetoelaes geëis. Die regering moes hoër lone belowe, en sedert dien is die vakbond gestig op die grondslag van geslote geledere, sodat al 220 bediendes van die koning lede daarvan is.

Die paleis-vakbond is ook ingeskakel by die Londense arbeidsraad, en een van die koning se livreiknegte is die verteenwoordiger daarop. Dit is nog nie bekend of hierdie vakbondleier deel sal vorm van die geselskap van vier livreiknegte wat die koning na Suid-Afrika geleide sal doen nie.

**MINDER KLERE IN VOORUITSIG:** Suid-Afrikaanse fabrikante is in kennis gestel dat hulle invoerkwota van katoenmateriaal uit Brittanje vir die huidige driemaandelikse tydperk met 25 persent ingekort is. Dit sal aanleiding gee tot 'n ernstige tekort aan hemde, slaappakke, rokke en ander katoenstowwe.

**TUSSENVERKIESING:** Die drie tussenverkiesings om die vakatures in die Volksraad te vul, sal op 15 Januarie a.s. plaasvind. Die vakatures is Zoeloeland, Hottentots-Holland en Oos-Londen-Noord.

*Volg u voorouers se raad en gebruik BOEGOESALF om u van lastige Verkoues, Hoes, Rumatiek, Winterhande, ens., te bevry*




**BOEGOESALF**
**Die Oorspronklike P-HAU-SALF**
Verkrygbaar by u Apteker of Winkelier
**HANDELSNAVRAE: P-HAU-PRODUKTE (EDMS.) BPK.**
**Security-Gebou, Beursplein, Posbus 3180, KAAPSTAD**

## OOR BOEKE

# Ses Jaar se Ondergrondse Stryd Geopenbaar

Sonder Gewere, deur S. J. de Jongh, uitgegee deur Publicité, Johannesburg, en gedruk deur Pro Ecclesia, Stellenbosch; beslaan 386 bladsye en kos 12s. (12s. 6d. posvry); keurig en sterk gebind.

Hierdie boek is die eerste van die Doringdraadreeks en is met die besondere doel geskryf om die gebeurtenisse in die aktiewe republikeinse geledere tydens die oorlog te boek en die buiteregtelike vervolging van 'n demokratiese regering aan die kaak te stel. Die skrywer verklaar in sy voorwoord ten opsigte hiervan: „Dit is 'n verhaal van moed wat mens kan bewonder, van selfopoffering wat mens wil eerbiedig — al stem mens ook nie saam met die beweegredes daarvoor nie — en, les bes, van onwettighede wat mens moet betreur . . . veral as mens besef dat die voorbeeld van minagting vir die landswette in die eerste plek van die landsregering self gekom het!"

Die boek is in romanvorm geskryf, hoewel die bedoeling nie was om karakters uit te beeld nie, dog net tipes te neem as verteenwoordigers van die republikeinse daders. Dit sal dus nie billik wees om dit in die eerste plaas te beoordeel volgens die maatstawwe vir gewone letterkundige skeppinge nie. Om hiervan egter af te lei dat dit 'n blote mededeling van feite is, sal 'n misgissing wees. Die boek, wat 'n produk is van die gloeiende mee- en inlewing van die skrywer in die stryd van sy volk, gepaard met sy vermoë om sy raak gedagtes in kernagtige sinne vas te lê, word gekenmerk deur 'n realistiese uitbeelding van sowel atmosfeer as gemoedstoestande, wat die gebeurtenisse voor 'n mens se oë as 'n werklikheid laat verby rol. Daarby ontbreek dit aan stereotipe uitdrukkings wat so baie letterkundige werke verbleik sodat die styl 'n mens verfrissend aandoen.

### BLIK DINAMIET

'n Voorbeeld van die gemak waarmee die skrywer ons die avonture laat deurleef, is die beskrywing van die vriend wat met 'n voortvlugtige langs hom en 'n blik dinamiet agter in die motor — 'n oortreding waarop die verpligte doodstraf gerus het — deur die polisie voorgekeer word.

„Die konstabel met die flits werp die lig deur die windskerm en dit val van die linkerkant af waar hy staan, vol op die bestuurder se gesig.

„Die bestuurder is Ernst.

„Toe swaai hy die flits effens regs.

„ ,Nou gaan hy Christiaan bekyk,' blits dit deur Ernst se brein, maar hy was verkeerd.

„Die ligstraal val op die ronde lisensiebewys wat hoog links teen die windskerm aangeplak was. Die konstabel lees die nommer met 'n harde stem, een voor die motor herhaal dit, soos dit op die nommerplaat staan, en toe hoor Ernst 'n derde die agternommer lees.

„In orde", sê die hoof, wat naby die voorste regtervenster gestaan het.

„Goed, meneer, u kan maar ry," roep hy uit en met 'n „Dankie sersant, goeie nag!" sit Ernst die motor weer aan die gang, gooi dit van die eerste geleidelik na die tweede en, na 'n tree of sestig, sag oor na die derde versnelling.

„ ,Ja nee!' was al wat Christiaan gesê het, maar hy het diep asem gehaal."

„Toe sê hy: ,Was jy al tevore in sulke affêres betrokke, Ernst?' "

### „HOEKOM"

Die skrywer verklaar dat hy meer die „hoe" as die „hoekom" beklemtoon het. Dit mag die denkende leser moontlik bedag stem vir die gevaar dat hier dalk 'n blote verheerliking van geweld aan die gang is, wat uit die hande van die jeug gehou moet word. Daar wag egter vir hom 'n aangename ontnugtering. Die verhaal is so deurdrenk van nasionalisme en is so saamgeweef met ons volksverlede in sy stryd teen imperialisme, dat die skrywer uiteindelik, sonder dat hy dit wou, daarin geslaag het om nie net die motief — en dus die „hoekom" — op oortuigende wyse bloot te lê nie, maar die ondergrondse stryd van die oorlogsjare uit die warboel van vyandelike propaganda verhef het tot wat dit werklik bedoel was — 'n hoofstuk in die historiese weerstand van die Afrikanerdom teen vreemde oorheersing. Vir die Afrikaner wat deur partypolitieke verbittering en persopsweping beweeg is om sy aktiwistiese volksgenoot as 'n veragtelike „rampokker" te verloën, sal dit by die lees van die boek duidelik word dat dit hier gegaan het om die voortsetting van die onkonstitusionele pad van Suid-Afrika wat oor Slagtersnek, Paardekraal en die rebellie-tronke van 1914 loop — die pad van daadwerklike verset teen imperialistiese onreg.

### RAND VAN AFGROND

**Vir die Afrikaner en ook die vyand wat gemeen het dat dit hier 'n geval was van 'n klomppie verstandelose jongmanne wat deur „onverantwoordelike" leiers in doodsgevare „beveel" is, sal dit duidelik word dat strenge dissipline en diepe besef van verantwoordelikheid gevare verhoed het wat in dergelike omstandighede tot onberekenbare gevolge kon gelei het.** Waar jeugdige avontuurlus hom paar met ingebore patriotisme wat geterg word deur die wettelose geweld van skynheilige demokrate, vereis dit taaie vertroue en kragtige leiding om daardie bruisende nasionalisme in matiger kanale te stuur as wat tans in Tel Aviv geskied. **Dit het die leiers van die ondergrondse verset reg gekry, en dit het hierdie boek pakkend aan die lig gebring.** Ironies lui dit op een plek:

„En dikwels het hierdie situasies die land op die rand van 'n afgrond gebring, waarvan die meeste mense in salige onkunde gebly het. Ook die spesiale speurders, wat so na hartelus met mede-Afrikaners gewerk het . . . vir bevordering, het dikwels nie besef hoe naby hulle aan die afgrond was nie."

Die verhaal is nie uit die lug gegryp nie. Alles berus op feite, maar soos die skrywer in sy voorwoord verklaar, is handelinge en gedagtegange van verskeie mense op enkele persone gebring ten einde die eenheid van die verhaal te behou en soveel as moontlik van die kamerade aan die boek deelagtig te maak. Vir die nuuskierige leser wat 'n volledige relaas van die ondergrondse stryd begeer, sal dit 'n bietjie teleurstellend wees, maar tot tyd en wyl die tyd meer volledige openbaring moontlik maak, sal hierdie werk ook as 'n voorlopige feite-openbaring aan sy doel beantwoord.

Sy hoogste waarde lê egter daarin dat hy die saak van die aktiewe republikeine in oortuigende en vlotlesende taal aan vriend en vyand gestel het. Die boek boei van begin tot end, en waar ons vermy het om 'n opsomming van die inhoud te gee, is dit doelbewus gedoen om aan die leser die genot oor te laat om self die verhaal met sy spanningvolle gang te deurlewe soos daardie manne in hul hoop en teleurstellings dit deurleef het.

---

### DIKKER SNYE BROOD?

Gedurende die afgelope week is meer as 38 ton graan in die Kaapstadse hawe aan wal gebring. Dit sluit koring, mielies en rog in. Die vooruitsigte vir 'n goeie koringoes in die Suidwestelike distrikte het ook baie verbeter as gevolg van die tydige reëns.

# Deure Gesluit vir Duisende Dogters Ondanks Tekort

**Ondersoek het aan die lig gebring dat die toestande waaronder die verpleegsters in die Unie opgelei word, in 'n uiters treurige toestand verkeer. So ernstig is die toestand dat die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad besluit het om sy erkenning aan hospitale as opleidingsinrigtings te onttrek omdat die „toestande waaronder hulle opgelei word, onmoontlik is."**

Hierdie besluit is geneem op grond van rapporte wat van 150 inrigtings in die land ontvang is. Na bespreking het die raad besluit dat voordat hulle hul erkenning onttrek hulle eers die geleentheid aan die verskeie inrigtings sal gee om hul opleidingstoestande te verbeter.

Die raad is die mening toegedaan dat verpleegsters alleen doeltreffend opgelei kan word indien dit in kolleges wat spesiaal vir die doel opgerig is, geskied.

**Gesaghebbend is verklaar dat in die Unie 'n onmiddellike akute tekort van 6,000 verpleegsters is. Daar is egter geen geriewe om hulle op te lei nie sodat meer as 1,000 jong dogters wat hulle aangemeld het vir opleiding, eenvoudig nie aangeneem kan word nie.**

Volgens berekening is daar sowat 10,000 verpleegsters en 7,000 vroedvroue in Suid-Afrika. Van hulle is net 60 persent werklik in die diens. Verklaar word dat die Unie minstens 15,000 verpleegsters nodig het om in die bestaande behoefte te voorsien.





Nr. 1

## PAS UIT DIE PERS

'n Groot historiese roman oor die Stryd van die Georganiseerde Afrikanerdom gedurende die Oorlogsjare 1939—1945.

Die Aandeel van elke Lid van hierdie Beweging word daadwerklik uitgebeeld in

# SONDER GEWERE

*deur* S. J. DE JONGH

**Verhale van**

Heldemoed, Waagdade, Verraad, Ontberings, Luistervinke, Aangewery, Ontsnappings uit die Fort en Interneringskamp, Voortvlugting, Liefde, Kameraadskap.

**Die Verhaal van**

Die grootse, opofferende, selfverloënende dade van die Boerevrou en -Moeder in hierdie onvergeetlike jare.

**Die Verhaal van**

Die verset van die Boerevolk teen Imperialistiese oorheersing, agtervolging en onderdrukking.

**Die Verhaal van**

**'N VOLK WAT WEIER OM VERKNEG TE WORD.**

Prys 12/-, posvry 12/6.

*Bestel onmiddellik!*

Dit is die eerste Nr. in die opspraakwekkende Doringdraadreeks. Teken nou in op die hele reeks.

**BESTELVORM**

*Aan: Publicitè, Posbus 4892, Johannesburg.*

Stuur my asb. .............. eksemplare „Sonder Gewere", teen 12/6 posvry, waarvoor ek £.................... insluit.

Naam ........................................

Adres ........................................

................................................

*Handtekening*

O.B. 25/9/46.


### HAASTIG MET BEUL

**Die hoofbeul van Brittanje, Albert Pierrepoint, het verlede week uit Londen na die vasteland van Europa per vliegtuig vertrek. Hy het verklaar dat dit geskied in opdrag van die Britse oorlogsdepartement.**

**Die vonnis van die Duitse leiers word eers die end van die maand verwag. Blykbaar het die Britse departement van oorlog 'n baie sterk voorgevoel van wat die uitspraak in Neurenberg sal wees.**

**TREIN VIR KONING:** Die Suid-Afrikaanse Spoorweë laat tans 'n weelderige trein met ultra-moderne geriewe in Engeland aanbou waarin die Britse koningsgesin volgende jaar in die Unie sal rondreis. Daar sal outomatiese telefoonverbindings tussen die verskeie waens wees asook radioverbindings tussen die koningstrein en dié van die personeel. Die trein bestaan uit veertien waens. Twee hiervan sal spesiaal aan die koning en koningin behoort.

*Maatskappyvergadering*

# W.G.A. SE DIENSTE AAN DIE WOLBOER

## Werksaamhede Brei na Kaapstad Uit

By geleentheid van die onlangse jaarvergadering van die W.G.A. te Port Elizabeth, het mnr. N. C. Havenga, Voorsitter van die Direksie, die lede van die Maatskappy as volg toegespreek:

Geagte Kollegas en Vriende,

Voor ons tot die belangrike verrigtinge oorgaan word graag van die besondere voorreg gebruik gemaak om almal vir hulle welkome teenwoordigheid hartlik te bedank. Vandat die kennisgewing ons bereik het, kom die aangename vriendekring wat ons jaarliks hier ontmoet, onwillekeurig in ons gedagte op. Dat ons soveel ou staatmakervriende hier sien is werklik bemoedigend — dit getuig tenvolle van die vurige belangstelling in die saak wat ons almal wens te bevorder. Dat hier nie meer is nie kan ons toeskrywe aan die feit dat die aandeelhouers oor die grootste deel van die Unie versprei is en hulle volle vertroue het in u en my wat vandag namens hulle ook optree.

Verlede jaar was ons almal verheug by die gedagte dat vrede uiteindelik aangebreek het. Dis gehoop dat die groter kennis en waarhede aan die mens openbaar, hom met meer grootmoedigheid teenoor sy medemens sou besiel. Vandag, meer as 'n jaar na die wapens neergelê is, moet met diepe teleurstelling gemeld word dat die teenoorgestelde in werklikheid die geval is. Nuwe hoogtepunte van kleinlikheid en hebsug word daagliks in die internasionale diplomatieke stryd bereik. Hierdeur is Europa reeds in die grootste warboel gedompel wat die beskaafde wêreld ooit geken het en die absolute rigtingloosheid maak planmatige heropbou onmoontlik. Duur hierdie toestande lank voort word daar voorwaar 'n wonderlike voedingsbodem voorberei vir daardie staatkundige ideologieë wat floreer wanneer haat en ellende hoogty vier.

Suid-Afrika was sover nog in 'n baie begunstigde posisie. Word daar egter nie vroegtydig opgetree nie, beland ons sekerlik ook in die maalstroom. Vandag word van ons as boere gevra om die maksimum aan voedingstowwe en kledingsmateriaal te produseer. In belang van die mensdom sal ons dit sekerlik ook doen maar om sukses te verseker sal die regering kragdadig moet bydra en ongetwyfeld ook alle belemmerende faktore uit die belastingsbeleid moet verwyder.

Terselfdertyd voel ons genoodsaak om 'n baie ernstige waarskuwing te rig. Die vrye sirkulasie van geld, gestimuleer deur gerugte van ryk goudontdekkings in die Vrystaat, het 'n onbeteuelde spekulasie-gees gaande gemaak. Fortuine is reeds gemaak en verloor terwyl dit 'n algemeen erkende feit is dat die minder ingeligte persoon gewoonlik met die verlies daarvan afkom. Finansiële kringe is reeds uit erkende bronne gewaarsku maar ons mede-boere kan dit ook inagneem en hulle nie onnodig aan spekulatiewe willekeur blootstel nie. Die wolboer het nog altyd, sonder veel hulp van buite, op kerngesonde basis sy bedryf opgebou en dit sal noodlottig wees indien hy nou van die gulde beleid afwyk.

Tot op datum was die wolboer definitief nie in die geleentheid om tenvolle, in die verhoogde produktepryse, meegebring deur die oorlog, te deel nie. Met die oorweldigende behoefte aan kledingsmatriaal en in besonder, omdat die Westerse kleredrag deur die oorlog in ander wêrelddele baie populariseer was, kan ons aanneem dat die vooruitsigte baie meer rooskleurig is.

Australië moes, teneinde voorrade vir plaaslike gebruik te hou, 'n algehele verbod op die uitvoer van wolmateriaal en -goedere instel. Ook Japan doen ernstige vertoë dat 'n minimum van 100,000,000 pond wol aan hom toegesê moet word. Suid-Afrika word ook self 'n land van wolfabrieke met die gevolg dat die plaaslike aanvraag eerlank 'n redelike sterk faktor op ons mark sal wees. Op die huidige tydstip word stappe gedoen vir die oprigting van wolfabrieke wat 'n belegging van ongeveer 2½ miljoen pond sal meebring.

Dat die probleem geskep deur opgehoopte voorrade wol nie so aktueel is as oorspronklik voorgegee nie, stem elke wolboer tot bemoediging. Ook is dit van belang om in gedagte te hou dat die minimum basis hierdie seisoen 5½ pst. hoër sal wees as verlede seisoen. Geen maksimumpryse is vir die opemark gestel nie en met die beperkte voorrade goeie wolle voorhande sal die Suid-Afrikaanse Wolafsetorganisasie (algemeen bekend as die Gesamentlike Organisasie) ook geen noemenswaardige invloed op 'n hoë mark kan uitoefen nie. Sy invloed sal wel gedug wees ingeval pryse val.

Boere, in areas geskik vir die merino, wat tot onoordeelkundige kruisteling of verwaarlosing van hulle kuddes oorgegaan het, sal ongetwyfeld nou tot 'n besef kom van die onwysheid van hulle dade. Danksy die leiding deur u organisasie gegee, het groot getalle W.G.A.-vriende hulle nie hieraan skuldig gemaak nie. Diegene wat standvastig voortgegaan het met die opbouing van hulle kuddes moet die grootste voordeel trek. In hierdie verband wil ons 'n besondere woordjie van dank en waardering rig aan die **W.G.A. Skaap- en Wolbeamptes**, wat ons kliënte op so 'n voortreflike wyse bygestaan het. Met dank word ook verwys na die stappe gedoen deur ons sustermaatskappy, Agricura Laboratoria Bpk. wat sig so kragtig beywer om die lot van die wolboer meer aangenaam en sy bedryf meer lonend te maak.

Met belangstelling is opgemerk dat groot getalle merinoboere, as 'n bybedryf, 'n aantal karakoele aanhou. Een en almal van ons gun hulle ongetwyfeld die geleentheid om hulle inkomste uit hierdie bron te verhoog. Diegene wat groot skuldlaste aangaan om hulle in te rig vir karakoelboerdery moet egter vroegtydig begin konsolideer en onder geen omstandighede hulle merinos verwaarloos nie. Die wetenskap het die merinoboer ook op hierdie gebied te hulpe gesnel en reeds word op groot skaal voortreflike, en vir die dames begeerlike, pelse uit merinovelle vervaardig. Die pryse van velle geskik hiervoor, toon dan ook al 'n baie verdienstelike verhoging.

Verlede jaar het ons meegedeel dat internasionale samewerking by die bemarking van wol van harte verwelkom word. Die Suid-Afrikaanse filiaal van die Gesamentlike Organisasie, die Suid-Afrikaanse Wolafsetorganisasie, is klaar gekonstitueer en tree alreeds op. In die besonder wil ons hulde bring aan ons vise-voorsitter, mnr. J. H. Moolman, wat as Direkteur van die S.A. Wolafsetorganisasie weereens geroepe is om die wolboer in 'n posisie van die allerhoogste troue te verteenwoordig. Ons vertrou en glo dat hierdie organisasie daarin sal slaag om die mate van bestendigheid en sekerheid vir die bedryf te verseker wat die suksesvolle voortbestaan in lengte van dae sal waarborg. Vir die wolboer is dit van die grootste belang om in gedagte te hou dat die fondse van die Wolafsetorganisasie verkry word uit die 7½ pst. heffing deur die boer betaal. Dit kan gevolglik beskou word as hulle organisasie en hulle moet nie nalaat om die hande van hulle verteenwoordigers te sterk nie.

Dames en here, u het ongetwyfeld reeds een en ander verneem van die grootse uitbreidingsplanne van u organisasie. 'n Saak wat soveel ywer en inisiatief in belang van die wolboer aan die dag lê mag nie ingekort word nie. Nee, ons moet bydra en hom uitbou tot die mees waardevolle en diensbare bate wat die wolboer ooit sal ken.

Die planne vir 'n nuwe vellestoor in Port Elizabeth is gereed en ons wag nou net vir die permit om te begin bou. 'n Bykomende vloerruimte van benaderd 19,000 vk. vt. sal onder dak gebring word wat die totaal vir Port Elizabeth na 229,000 vk. vt. verhoog. Dit laat nog 'n ruime onbeboude perseel vir latere uitbreiding van ons wolpakhuis.

Vir die belangrikste stap van alles vra ons nou u heelhartige samewerking. U Direksie het eenparig besluit dat dit van die allergrootste belang is om werksaamhede na Kaapstad uit te brei. 'n Waardevolle perseel van 102,000 vk. vt. te Paarden Eiland is aangekoop en die bouplanne word in gereedheid gebring. In die tussentyd het ons Vise-Voorsitter en Hoofbestuurder kragdadige stappe gedoen om tydelike persele te probeer kry en sodra daarin geslaag is word die takkantoor geopen—moontlik nog hierdie seisoen.

Ook het u Direksie en Bestuur voortdurend aandag geskenk aan die direkte invoer en verkryging van hoofagentskappe van landbou-implemente en ander benodigdhede. Die onderhandelinge vorder goed en binnekort sal ons seker baie goeie tyding aan u kan oordra.

Vroeg gedurende die jaar is, sonder advertensie of 'n prospektus, ons kapitaal van 60,000 teen 'n premie van 10/- per £1 aandeel, volskrywe. Teneinde die voorgestelde uitbreiding te finansieër beveel u Direksie aan dat die nominale aandelekapitaal na 'n minimum van £125,000 verhoog word. Die voorstel sal vanmiddag aan u voorgelê word maar ons wil u vra om beide goed te oorweeg of ons nie die bedrag nog hoër sal stel nie.

Die finansiële posisie van u maatskappy is kerngesond en die verhoogde kapitaal sal ongetwyfeld 'n welkome beleggingsgeleentheid vir bestaande aandeelhouers en kliënte open. Behalwe die Algemene Reserwe wat £40,000 bedra kan ons geboue en gronde appresiasie op 'n minnimum van £30,000 gestel word. Dit sal gevolglik vir u duidelik wees dat die waarde van ons aandele in werklikheid aanmerklik hoër is as die waardes deur die finale state voor u gereflekteer.

Die 1945-46 seisoen sal altyd in ons gedagtes uitstaan vir die uiters ongunstige klimaatstoestande wat geheers het. Ons moet die Bestuur gelukwens met hulle beywering om die inkomstes aan te vul wat aan ons 'n netto bedryfswins, nadat ruim voorsiening vir waardevermindering, slegte skulde en so meer gemaak is, van £15,146-17-6. Die onverdeelde winste kom nou, tesame met die saldo in 1944/45 gelaat, op 'n bedrag van £17,257-4-11 te staan. U Direksie beveel aan dat die volgende voorsienings gemaak word:—

(a) Vir 'n diwidend van 10 pst.
(b) Oorplasing van 'n verdere vyfduisend pond na die Algemene Reserwe om die totaal op £45,000 te bring.

Dit laat dan nog 'n bedrag van £6,490-6-8 op die Verdelingsrekening.

Aan ons aandeelhouers en kliënte word graag dank betuig vir die inspirerende wyse waarop hulle ons gedurende die seisoen gerugsteun en aangemoedig het. Aan ons personeel, beide van die hoofkantoor en takkantoor dink ons met die grootste erkentlikheid en spreek dit as ons oortuiging uit dat met so 'n kliënte-vriendekring en so 'n personeel die W.G.A. altyd sal uitblink as die model boereorganisasie in die land.

Tenslotte my hartlike dank aan my kollegas op die Direksie. Gedurende die jaar is beroepe op hulle gedoen en nooit is opoffering ontsien waar dit die belange van u maatskappy getref het nie. (Advt.)



W.G.A.-woluitstalling, Port Elizabeth.

### EDENVILLE

Op Saterdag, 14 Sept., het die twee kommando's van Edenville hul jaarlikse Fondsdag gehou. Die opkoms was goed. Etlike belangstellendes van Kroonstad en Heilbron was ook teenwoordig. Onder die aanwesiges is ook verskeie H.N.P.-vriende opgemerk.

Die dames het 'n heerlike ete en verversings verskaf. Onder die sierlikste was die Boerejeug-tafel waarvoor mej. Sannietjie van Zyl, in afwesigheid van die Jeugveldkte. verantwoordelik was. Die Boerejeug het die som van £8 ingesamel. Ons wil haar gelukwens met die prestasie.

Die totale opbrengs met Fondsdag was £101. Enkele bydraes is nog uitstaande.

Gedurende die namiddag het genl. B. J. Vorster van Brakpan die aanwesiges toegespreek en op ondubbelsinnige wyse die beleid van die O.B. verduidelik.

Die verrigtings is met „Die Stem" afgesluit. — (Korr.)

WAARDE VIR GELD




„EXCELSIOR"

Die naam wat u waarborg vir suiwerheid en kwaliteit is, bied u Wyne, Brandewyne en Likeure aan wat met die grootste sorg en moeite vermeng en verouder is vir u genot.

Alleenlik die BESTE is goed genoeg vir u — EXCELSIOR PRODUKTE IS DIE BESTE.

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Spesiaal Soet | 2/6 | 11/- |
| Rooi en Wit Jeripiko | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port, Pontak, Worcester Hock en Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie (Droog) | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| „Cocktail" | 4/- | — |
| Vermouth (Droog en Soet) | 2/9 | — |
| **DROË WYNE:** | | |
| Boergonje (Rooi) | 1/9 | — |
| Riesling en Droë Wit | 1/6 | — |

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling- |
|---|---|---|
| **FONKELWYNE:** | | |
| Grand Spumante | 10/- | — |
| Grande Splendore | 7/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A.I | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURE:** | | |
| Peperment | 7/- | — |
| Kersie, Van der Hum, Gemmer en Anys | 6/6 | — |
| **JENEWERS:** | | |
| Droë, Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

VOORWAARDES:

Voeg by 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels. Hierdie deposito's word onmiddellik vergoed op ontvangs van leë inhouers,, spoorvrag betaald.

EXCELSIOR WYNMAKERY
(Edms.) Bpk.
VLAKTEPLAATS-STASIE (KAAPLAND)

*„Elke O.B.-Offisier behoort hierdie Boek te lees!"*

'N O.B.-OFFISIER.

**The Great Globe itself**

deur

WILLIAM C. BULLITT — 11/9 posvry.

*MENINGS VAN AMERIKAANSE BLAAIE:*

„A significant book on international affairs. Ex-Ambassador Bullitt conveys the essence of diplomatic experience and historical studies."

— *Chicago Tribune.*

„Two Colossi face each other across the globe — the U.S.A. and the U.S.S.R. The book is a survey of the two titans as they confront each other. Mr. Bullitt bars no holds, pulls no punches."

— *Saturday Review of Literature.*

**Pro Ecclesia-Boekhandel**

POSBUS 29

**Stellenbosch**

DIE O.B., WOENSDAG, 25 SEPTEMBER 1946.

# Afhanklik van Mekaar

Die Ossewabrandwag is, afgesien van sy nasionale dryfveer, by uitstek 'n werkersbeweging omdat hy nadruk lê op die arbeid van die volk as bate in plaas van op goud. Dit is dus in die hoogste belang van die land dat alle werkers so gelukkig en welvarend moontlik moet wees, net soveel as wat dit in belang van die werkers is dat die volk waarvan hulle deel vorm, as geheel gelukkig en welvarend moet wees. **Die een is onontbeerlik vir die ander soos die ledemate en die romp van die liggaam onontbeerlik is vir mekaar.**

Niemand durf vandag ontken dat die vakbonde onder die kapitalistiese bedeling, waar 'n onverstoorde aanslag op die volk se arbeid toegelaat is, die groot wapen was waarmee die werker homself en sy gesin beskerm het nie. Niemand kan die werker ook kwalik neem dat hy te midde van die volksverbrokkeling van die partypolitiek met sy idee van groepbotsing, sy vakbonde uitsluitend gebruik het as afweerwapen vir sy besondere groep nie. Die gedagte van 'n breër volksfront as net 'n arbeidsfront teen kapitalistiese uitbuiting kon in die atmosfeer van die parlementêre demokrasie geen asem kry nie.

Dit is dus nie die skuld van die werker as hy in die geïsoleerde stryd vir sy selfbestaan toestande geskep het wat nie in belang van die volk as geheel is — **en dus op die duur ook nie in belang van die werkers self, wat afhanklik van sy volk is, kan wees nie.** As die volk as gemeenskap nie vir hom in die bresse getree het nie, dan kon ook nie verwag word dat hy vir daardie gemeenskap in die bresse moes tree wat so dikwels nog die uitbuitende vyande self as leiers na vore gestoot het nie.

### DIE VERKEERDE

Nogtans het dit tyd geword dat die lig ook moet val op die verkeerde gevolge van die eensydige stryd van die werker wat gelei het tot toestande wat dit op die duur vir die volk as geheel sowel as die werker in besonder onthoudbaar sal maak. Een van hierdie toestande is dié in die boubedryf waarna gesaghebbende sprekers verlede week op 'n munisipale konferensie in Kaapstad verwys het. Daar is aangetoon hoe daar 'n tergende vertraging in boukonstruksie is weens 'n onvrugbare loonstelsel wat gegrond is op gelyke besoldiging eerder as op ywer en bekwaamheid. **Die gevolg is noodwendig dat die goeie werker terug val op die peil van die swakste omdat daar geen aanmoediging vir beter of vinniger werk is nie.** Dit is bloot menslik, maar terselfdertyd ook baie onmenslik in sy gevolge as in aanmerking geneem word dat dit hier gaan om die uitrekking van 'n woningnood wat in die beste omstandighede nie in die lewe van die huidige geslag ten volle gelikwideer gaan word nie.

**Hierdie misstand beklemtoon op nuut weer die noodsaaklikheid dat daar gebreek moet word met die ou kapitalistiese en partypolitieke begrippe wat nie die volk as lewende eenheid met onderling afhanklike lede wil beskou nie, maar as 'n versameling van enkelinge wat elk vir homself moet sorg hetsy deur persoonlike magsverowering of groepvorming binne die liggaam van die volk.** Die toekoms sal hom moet wend in die rigting van die O.B.-gedagte wat die geheel van die volk verkondig en daarom ook die inskakeling van die hele volk met sy verskillende arbeidsvertakkinge in die staatsbestuur. Dit moet nie meer nodig wees vir die werker om hom as bedreigde teen staat en gemeenskap in te graaf in 'n geïsoleerde vakbond wat teen alles buite die werkersgeledere veg nie, maar hy moet deur sy werkersorganisasie of vakbond deel uitmaak van die staat self en sodoende met 'n ope oog vir sowel die werker as die breëre volk se belange meehelp om die ewewig in die gemeenskap te bewaar — 'n ewewig wat alleen bereik kan word wanneer die staatsorganisasie op die beginsel van samewerking sal berus in plaas van die beginsel van botsing soos in die parlementêre demokrasie met sy partystryd en die kommunisme met sy klassestryd — 'n ewewig waarvan die werker, soos trouens elke lid van die gemeenskap, ten diepste afhanklik is vir sy eie ewewig of welvaart.

# Indiërhandelaars het Groter Voorrade as Blankes

Indiërs is hoofsaaklik verantwoordelik vir die opgaar van skaars artikels wat hulle dan weer onder die toonbank deur teen swartmarkpryse verkoop.

Hierdie feit is nogeens bewys deur 'n klopjag wat op las van die voedselkontroleur, pryskontroleur en polisie in Rustenburg, Transvaal, uitgevoer is. *Die winkels van blankes sowel as Indiërs is deursoek en deurgaans het die ondersoek aan die lig gebring dat die Indiërwinkels volop skaars voorrade gehad het, terwyl die voorrade van die blanke winkeliers uitgeput was.* 'n Totaal van 78 winkels het in die distrik sowel as dorp deurgeloop.

Groot voorrade gekondenseerde melk, wit mieliemeel, suiker, rys, kookolie, seep en boermeel, is weggesteek gevind in die huise en geboue van Indiërs, in baie gevalle op die mees onsinlike plekke.

## Offisiere se Besluit Oor Samewerking

Die offisiere en kommandoraadslede van generaalskap A4 het Saterdag, 14 September, op Swellendam byeengekom. Hoofgenl. Max Smuts het die stoel ingeneem en die verrigtinge gelei. Hoofkomdt. W. R. Laubscher het die Raad toegespreek oor die beslissende betekenis en besondere taak van die O.B. in ons volkslewe.

Daar is besluit om die uitgestrekte generaalskap te verdeel. Die offisiere van die oostelike deel van die ou afdeling het die gewese generaal, mnr. J. L. Swart, weer aanbeveel as hul hoofoffisier, terwyl hoofgenl. Smuts versoek is om beyel te neem oor die westelike deel van die afdeling.

Genl. Swart, en die lede van sy staf, asst.-hoofkomdte. mev. J. Swart, hoofkomdte. J. S. Badenhorst, C. J. B. van Coller, J. H. Neethling en J. J. Viljoen het verslag gedoen van die werksaamhede en bedrywighede van sowel die mannemas die vrouekommando's onder hul toesig. Asst.-hoofkomdte. Swart het die ywer van die vroue ten opsigte van Fondsdag en Vryheidsdag geloof.

### SAMEWERKING

Op voorstel van komdt. S. W. Joubert van Barrydale, het die raad eenparig besluit om aan genl. J. L. Swart op te dra om die gebiedsleier, dr. F. du T. van Zyl, in kennis te stel dat die lede die pogings van die O.B.-leiding om Afrikanersamewerking te bewerkstellig, met waardering gadeslaan. Hulle voel oortuig dat die Smuts-bewind alleen verslaan kan word deur 'n volksfront— 'n bondgenootskap van alle nasionaalgesinde groepe. Daarom is hulle diep teleurgestel met die weiering van die H.N.P.-leiers om in so 'n bondgenootskap met hul mede-Afrikaners saam te werk.

*Die raad wil graag die erns van die situasie beklemtoon en die H.N.P.-leiers versoek om nie te volhard in hulle houding van vyandskap teenoor mede-Afrikaners (waaronder die O.B.) nie, want sodoende versper hulle die pad na samewerking en maak hulle dit vir O.B.-lede onmoontlik om die kandidate van die Party met 'n verkiesing by die stembus te ondersteun.*

## Hulp Gevra Vir Gevangenes

Mev. B. C. Seymour van Pretoria doen 'n beroep op alle mede-Afrikaners om steun te verleen in die versorging van 'n negetal Afrikaners wat tans nog in die Sentrale Gevangenis, Pretoria, kragtens die noodregulasies aangehou word.

Daar is van hierdie persone wie se gesondheid te wense oorlaat, en dit is dus ons plig om vol te hou met die taak om hulle van goeie voedsel te voorsien.

Bydraes in die vorm van kontantgeld of voedselware soos groente, vrugte, ens., kan gestuur word aan mev. E. Dommisse, Charlesstraat 84, Brooklyn, Pretoria (telefoon 4-3775).

Indien daar dames is wat bereid is om met die bereiding van die kos behulpsaam te wees, sal dit hoog waardeer word. Hulle moet asb. in verbinding tree met mev. Dommisse.

**Kom, volksgenote! hierdie manne se offers is nog steeds op die altaar en hulle het ons daadwerklike steun nodig!**

# Wil Geen Waarborg Gee Teen Vyandskap

**'n Plaaslike aanbod van steun deur die O.B. in Hottentots-Holland aan die H.N.P.-leiding in verband met die tussenverkiesing in daardie kiesafdeling, waarin 'n waarborg teen bevegting van die O.B. gevra word, is kort en saaklik deur die voorsitter van die distriksbestuur, dr. P. J. van Nierop, van die hand gewys.**

**Sedertdien het die H.N.P. 'n Engelssprekende, mnr. R. H. MacLeod, as kandidaat genomineer. Hy het tydens die oorlog in die S.A. mynveërvloot gedien.**

Die brief van die plaaslike O.B. aan die distriksbestuur van die H.N.P. het gelui:

„Namens die O.B. van Hottentots-Holland nader ons u in u hoedanigheid as voorsitter van die H.N.P.-distriksraad met die voorstel dat 'n mate van samewerking, wat elders nie bewerkstellig kon word nie, wel in hierdie kiesafdeling met 'n oog op die a.s. tussenverkiesing bereik word.

„Die O.B. mik op 'n Uniale volks- of eenheidsfront en tot dusver is dit deur andere verwerp. *So 'n front kan egter op Hottentots-Holland verkry word indien u party die pad oopsien om 'n kandidaat te benoem wat homself ook as die kandidaat van ander Afrikaner- en republikeinse groepe (waaronder die O.B.) beken en dienooreenkomstig optree;* m.a.w. u party kan die kandidaat benoem en mits die kandidaat homself verpligtig bind om, indien verkies, die O.B. en die ander nasionale groepe, nie te beveg nie, is die O.B. bereid om hom as Volksfront-kandidaat te aanvaar *en om hom organisatories sowel as by wyse van stemme te ondersteun.*

„Hierdie aanbod as basis van ondersteuning vereis van geen van die betrokke elemente 'n prysgewe van enige beginsel of van identiteit nie. Dit kan egter bewerkstellig dat verenigde kragte agter die anti-regeringskandidaat gegooi word.

„Ons maak die aanbod plaaslik aan u in u lokale hoedanigheid maar ons mag byvoeg dat hierdie skrywe die goedkeuring van die O.B.-leiding wegdra."

### WEIERING

Die antwoord van dr. Van Nierop op hierdie voorstel lui:

„Ek het u skrywe van 20 Aug. 1946 ontvang, en wens u in antwoord mee te deel, dat die H.N.P. van voorneme is 'n kandidaat te benoem vir die Parlementêre tussenverkiesing in Hottentotsholland, en verder van voorneme is, 'n beroep te doen op alle Suid-Afrikaners wat genl. Smuts se kandidaat verslaan wil sien, om die aanvaarde kandidaat van die H.N.P. te ondersteun deur die daad by die wil te sit."

## NUUS UIT CAROLINA

Op 7 September het die Carolinase kommando's 'n goedgeslaagde Boeredag gehou op die tentoonstellingsgronde van Carolina.

Jukskeigooi, skyfskiet en byspele het die mense besig gehou, onderwyl die drie flukse kommandantes, mev. Breytenbach, mev. Roode en mev. Stoltz gesorg het vir pannekoek van bokwietmeel, verversings en 'n heerlike buffet-ete.



GENL. J. G. S. OPPERMAN.

Gebiedsleier genl. J. G. S. Opperman het die middag 'n toespraak gelewer wat die brandwagte weer opnuut besiel het.

Die aand is volkspele gespeel, en hieraan het al die jong mense, wie se ouers aan die verskillende politieke partye behoort, deelgeneem en verversings is gratis aan hulle almal bedien.

### ROUDIENS

Met die afsterwe van oom Jakob Breytenbach in die ouderdom van 77, het Carolinagemeenskap 'n gevoelige verlies gely. Prof. G. M. Pellissier van Pretoria het 'n treffende rede by die roudiens gehou. Al die besighede was gedurende die roudiens gesluit as 'n blyk van eerbied vir wat die oorledene vir dorp en distrik beteken het.

KAAPSTADSE AFRIKAANSE SAKEKAMER

**Algemene Vergadering**

**Maandagaand, 30 Sept.**

in die

Kaapstadse Koffiehuis

GROOTE KERKGEBOU.

*Spreker:*

**Ed. Agb. J. W. MUSHET, Minister van Pos- en Telegraafwese en Openbare Werke.**

Lede en belangstellende sakemanne, ook van omliggende dorpe, word hartlik uitgenooi.

*HELDEDAG*

word deur die

OSSEWABRANDWAG

gevier in die

HOFMEYRSAAL, KAAPSTAD

op

SATERDAG 5 OKTOBER, 1946

om 8 nm.

Kort toespraak deur

**Dr. J. A. WIID**

Opvoering deur die

Remskoen-toneelvereniging

(Afrikanerharte)

*Toegang vry — Silwer kollekte* *ALMAL WELKOM*

# SOOS ONS LESERS DIT SIEN

## Ons Laaste Kans

Prof. dr. D. F. du T. Malherbe, van Pretoria, skryf:

Die fout word so dikwels gemaak (soos onlangs nog op die Caledonvergadering van dr. Du T. van Zyl) om te praat van „stem vir die H.N.P." Die Nasionale Party is nie 'n doel op sigself nie maar slegs 'n middel of 'n instrument om 'n seker doel te bereik, naamlik die behoud en uitbouing van die Afrikanerdom. En onder die omstandighede waaronder ons verkeer, of ons nou daarvan hou of nie, is die party — hoe onvolmaak ook — die enigste middel om ontslae te raak van die volkskadelike en landsverpestende bewind met die volgende algemene verkiesing. En as ons vir kandidate deur die Nasionale Party benoem, stem, dan stem ons vir ons eie behoud en die behoud van 'n blanke Afrikanerdom. **Dis moontlik ons laaste kans.** Met behulp van kleurling-, kaffer-, Indiër-, Jode- en ander stemme en grootskaalse immigrasie wil hul die nasionale Afrikanerdom nou vir goed onderploeg. Uit wie sal die immigrante in hoofsaak bestaan? Die tienduisende sog. „verplaaste persone" van Europese lande — veral Jode wat onder verskillende nasionaliteite hulle hier sal aanmeld, wat ten alle koste daar wil wegkom.

Suid-Afrika moet 'n sentrum van Judaïsme word. Volgens dr. Roth van Oxford (onlangs in Kaapstad) is „die Suid-Afrikaanse Jodedom die derde belangrikste Joodse groep in die wêreld . . . een van die weinige oorblywende steunpilare van die Joodse leefwyse — nou dat die Joodse kulturele en geestelike sentrums in Sentraal- en Oos-Europa uitgewis is." Ons volk het nog nooit in sy geskiedenis in so 'n krisis verkeer nie. Laat alle nasionaalgesinde Afrikaners nou hulle geskille opsy sit, en as een man in gelid optrek om die Filistynse bewind omver te gooi en geleidelik die Empirebande te verbreek, wat verantwoordelik is vir meeste van ons vraagstukke. Sonder verandering van bewind help al ons ywer en organisasie bloedweinig en stuit ons teen 'n klipmuur.

*(Die H.N.P., of 'n party is nie die enigste en ook nie die doeltreffendste middel om in 'n krisis te gebruik nie. 'n Kombinasie van kragte is altyd meer doeltreffend — getuie die voorbeeld wat die Britte, van wie die partystelsel afkomstig is, self gegee het toe hulle in die aangesig van die Duitse gevaar 'n koalisie gevorm het uit drie partye. 'n Kombinasie van alle anti-Empire groepe is die aangewese weg in 'n krisis wat waarskynlik „ons laaste kans" sal wees, soos ons geagte korrespondent beklemtoon.—Red.)*

## Eers Ingraaf

Nasionale O.B., Kaapland, skryf:

Dit is bepaald baie ontmoedigend om te verneem hoe daar tussen die Nas. Party en die O.B. oor samewerking tou getrek word.

As staatsamptenaar mag ek aan politiek nie deelneem nie. Die O.B. het my as lid geskrap, maar gevra dat ek myself nog as lid moet beskou. Wie gaan nou my sienswyse teenoor die wêreld verkondig? Wie gaan Suid-Afrika vir Jong Suid-Afrika red? Ons geliefde Nas. Party en geliefde O.B. baklei tot die dood toe. Om ons baljaar ons vyande. Die Nas. Party vra of daar erns by die O.B. is wanneer hul praat oor samewerking. Op sy beurt vra die O.B. weer of daar erns op die kant van die Nas. Party is. Ons, Jong Suid-Afrika, word nou wanhopig. Ons dwaal. Ons wil begin dink, ons moet ons nasieskap los en internasionale burgers word. Kan ons ons toekoms en ons Suid-Afrika toevertrou aan Nasionale leiers en O.B.-voormanne wat nie eers op 'n gedagte kan kom, oor hoe om saam te werk nie?

Laat ons ons as Afrikaners eers ingraaf en dan besluit of ons 'n parlement of 'n gesagstaat moet hê. Soos ons nou aangaan, sal ons nie eers 'n kans kry om te kies nie. Kom ons veg eers met die wapen wat ons het. Kom ons dink 'n slaggie vir onsself. Laat ons by die gedagtegang van eersugtige en selfsugtige voormanne verbygaan en self besluit. Laat ons onsself afvra: „Wie kan in die nabye toekoms en na die volgende verkiesing die meeste vir ons land doen?"

*(Die O.B. vra juis dat die strydpunte voorlopig opsy geskuif moet word vir samewerking. Daarna kan ons mekaar se standpunte miskien beter verstaan. Die vraag wie die volgende verkiesing KAN wen — 'n enkele party, of 'n kombinasie van Afrikanerkragte— is op die oomblik belangriker as die vraag wie die meeste kan doen ná 'n verkiesing, wat miskien verloor kan word. — Red.)*

### SOEKMEKAAR

Die kommando van Soekmekaar het op 14 deser hul Fondsdag gehou. Die opkoms was bo verwagting goed.

Die K.G., dr. Hans van Rensburg en mev. Van Rensburg het ons vereer met hulle teenwoordigheid. Die boodskap van die K.G. was weer 'n besieling. Hy het ons 'n kykie gegee in die gevare wat voorlê vir die blankedom in Suid-Afrika. Die tyd is verby, het spr. gesê, om met modder te gooi. Daar is net een uitkoms. As ons nie totaal deur die nie-blanke rasse uitgewis wil word nie, moet ons so spoedig moontlik die broederhand neem en hard werk vir die behoud van blanke Suid-Afrika.

Die totale opbrengs vir die dag was, saam met lyste, meer as £48.

**Dit is groot verbetering op verlede jaar toe net £16 met fondsdag ingesamel is.**

Die ledetal van die kommando het nou tot 108 gestyg. Ons voel baie hartseer omdat ses van ons ywerigste lede en offisiere ons gaan verlaat om hulle mettertyd in Betsjoeanaland te gaan vestig.

### BOSVELD

Deur pragtige samewerking het die veraf geleë Bosveld-kommando's die mooi bedrag van £38 ingesamel. By geleentheid van die herdenking van die geboortedag van die Ossewabrandwag, was die K.G., dr J. F. J. van Rensburg, aanwesig. Sy boodskap het die brandwagte van die Bosveld met nuwe moed en ywer besiel.

# Loonreëling Vererger Woningvraagstuk

**'n Skerp veroordeling van die huidige loonreëling in die boubedryf waarvolgens alle werkers ongeag ywer of bekwaamheid gelyke betaling ontvang, is verlede week deur deskundiges op die kongres van die instituut van munisipale en distriksingenieurs in Kaapstad gedoen.**

Dr. E. J. Hamlin, stadsingenieur van Johannesburg, het gepleit dat die Europese stelsel van besoldiging in Suid-Afrika toegepas moet word, waarvolgens die resultate in aanmerking geneem word. Hierdie stelsel word egter heftig bestry deur die Suid-Afrikaanse vakbonde hoewel dit ook deur die Britse vakbonde aanvaar is. **„Op watter grond kan dit verkeerd wees dat die goeie werker meer betaal word as die swakke?" het spr. gevra.**

Die publiek, het hy gesê, was aan die begin van die jaar geskok om te verneem dat 'n bouaannemer beboet is omdat hy sy werkers volgens die Europese stelsel van betaling op grond van prestasie meer betaal het as die ooreengekome lone. **„Hy het 'n tevrede span werkers gehad en het sy kontrak maande voor die tyd voltooi- nogtans is die aannemer gestraf omdat hy die hoogs nodige huise gelewer het."**

Die huidige stelsel bied geen aanmoediging vir die flukse werkman nie, het hy gesê.

**AGTERUIT**

Mnr. H. A. Smith, van Durban, het in 'n referaat beklemtoon dat daar in die jongste tyd 'n definitiewe agteruitgang te bespeur is in die gehalte van werk in die boubedryf.

'n Aantal jare gelede was dit niks besonders vir 'n messelaar om 1.000 stene per dag te lê nie, terwyl 750 vandag as bevredigend beskou word. Gedurende die oorlog was daar baie gevalle van messelaars wat net 350 stene per dag gelê het.

„Indien die boukoste op 'n redelike peil gehandhaaf moet word laer as vandag, sal dit nodig wees dat elkeen 'n poging aanwend om groter doeltreffendheid te bewerkstellig.

Mnr. Smith het verder verklaar dat boukoste na verwag word in die volgende drie tot vyf jaar sal verminder tot 79.6 persent van die huidige peil en na tien jaar sal dit gestabiliseer word op ongeveer 70 persent, wat sal beteken dat huise omtrent 59 persent duurder sal wees as voor die oorlog.

### MEMEL

Die kommando van Memel het op 9 Aug. aan die woning van veldkte. C. Willemse O.B.-dag gevier.

Naaldwerk, braaivleis, pannekoek en verversings is verkoop.

*VRA BY SPOORWEGBOEKSTALLE*

VIR

**WAPENSKOU**

*WEEKLIKSE NUUSTYDSKRIF*

Intekening 12/6 per jaar by Wapenskou,

Bus 28 STELLENBOSCH

**R. W. van Ryn**

BRILMAKER



Bring u oogarts se voorskrifte na my, en doen u keuse uit my groot verskeidenheid moderne brilrame, asook raamlose modelle.

ONTHOU! 5de Verdieping, Groote Kerkgebou, Kaapstad.

**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.**

(Edms.) Bpk

MôREMARK (Posbus 7185) Newton

**W. VOIGT (Edms.) Bpk.**

Fabrikante van

**Kelder- en Besproeiingsmasjinerie**

Bus 10 — HUGENOOT (K.P.)

*SCHOEMANELLO DRANK*

Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste

**KOOP DIREK TEEN GROOT-HANDELS-PRYSE**

| | Per bottel van 4 tot 12 in 12-bottel-kissies | Per gell. in vaatjies van 5 gell. of meer |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Wocester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë) Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/ |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soetrig) | 1/5 | 6/9 |
| **DROë WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/ |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/ |
| F.C. | 6/6 | 36/ |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/ |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur Vermouth en Hanekraal bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sy lyne. K.B.A. plus treinkommissie V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN.**

BUS 142 ● OUDTSHOORN

**MARKAGENTSKAP VROEË MôRE-MARK KAAPSTAD**

Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

**MINNAAR EN VAN SCHOOR**

Eienaar: GUSTAV RETIEF

**DIE K.A.T.**

voer op

**Twee Nuwe Eenbedrywe**

van H. A. Fagan

BO DIE KRANSE

en

OPDRIFSELS

in die

*HOFMEYRSAAL*

**Donderdag, Vrydag en Saterdag 26, 27 en 28 September**

om 8.15 nm.

Toegang 3/- belastingvry.

Bespreek by Edina, Wandelgang, Groot Kerk-gebou.

**A.V.B.O.B.**

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria

130 Takke

*TOT U DIENS . . .*

**Geldenhuys Ingenieurswerke**

● DRAAI

● PAS

● SWEISWERK

Wynnestraat 13 — PAROW

Sien Advertensie onder Geklassifiseerde kolomme (Gemeng).

ONS NUWE

**Baadjie- en Jumperpakke**

van Linne wat nie kreukel nie, is baie deftig.

**Steyns**

DIE MODEWINKEL

PAROW

*Vir Voetmoeilikhede raadpleeg 'n deskundige*

Handgemaakte Voetstutjies Volgens Afmetings: 'n Spesialiteit

**Physical Foot Culture**

Oranjestraat 82

KAAPSTAD

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

●

**Darwin het na die SKAKEL tussen mens en aap GESOEK; DIE O.B. het die SKAKEL tussen adverteerder en publiek GEVIND!**

●

DIE O.B. vind sy weg in duisende huisgesinne oor die hele land, waar dit met toewyding gelees word.

**Uit klein akkers spruit groot bome . . .**
**Uit hierdie klein beleggings spruit groot diwidende.**

●

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: **DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.**

## GEBOORTE

DE BRUYN. — Gebore op die 31ste Augustus, 'n fris en welgeskape O.B. Die dankbare ouers, mnr. en mev. Martin de Bruyn, „Seduall," P.K. Kamden.

## VERLOWING

VAN ROOYEN—JONKER. — Alet, dogter van Mev. en Wyle Mnr. Koos Jonker, Senekal, en Mike, seun van Mnr. en Mev. Gert van Rooyen, „Esperanza", Senekal, is verloof.

## HUWELIK

BESTER—CILLIERS. — Ons twee, Kittie Bester, Brandvlei, en Sol Cilliers, Kirkwood, wens aan familie en vriende(inne) bekend te maak dat ons Saterdag, 5 Oktober, om 10.30 in die N.G. Kerk, Noordeinde, trou. Geen kaartjies. Adres: Posbus 126, Kirkwood.

Vir partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## GRAFSTEEN-WERKE

**Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.**
**Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.**
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK**
**(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).**
**VOORTREKKERWEG — MAITLAND.**
**Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.**

## AGENTSKAPPE

**Interprovinsiale Agentskappe (Edms.) Bpk., Groote Kerkgebou 521, Kaapstad.** Telegrafiese adres: „Interpros". Foon 2-4560. Ons is makelaars en afslaers en verteenwoordig plattelandse besighede van enige aard, sowel as die belange van privaat persone; koop en verkoop vaste en ander eiendomme enige plek in die Unie en hanteer verkopings en inkopings van enige aard in die buiteland. 5603/52

EIENDOMME. — G. en B PROPERTIES (PTY.) LTD. (voorheen P. G. Groenewald), Stasieweg 5, PAROW. Afslaers, Huis- en Eiendomsagente.

EIENDOM. In verband met verkoop van huise, plase en motors raadpleeg P. v. d. WESTHUIZEN, Oranjestraat 82, KAAPSTAD. Foon 2-0740. 5602Tk

EIENDOMME. PARWOOD AGENTSKAP, Voortrekkerweg 74, PAROW. Posbus 46, Telefoon 98-9155. Wanneer u 'n plaas, huis of besigheid wil koop of verkoop, raadpleeg ons eers. 5606/8

Plattelandse algemene handelaars. Laat ons u tyd en geld bespaar deur u inkope by die groothandel of fabrikante waar te neem. Ons bemark ook plaasprodukte en lewende hawe. Skryf dadelik om besonderhede aan MODERN ENTERPRISES (PTY) LTD, Groote Kerk-gebou 527, of Posbus 3971, Kaapstad. Telefoon 3-0662. 18/9/4

## ALGEMENE HANDELAARS

COETZER SE WINKEL H/v. Merriman- en Cookstraat, VASCO vir Dames en Babaklerasie, Kruideniersware, Verf ens. 5600TK

OOSTELIKE WINKELS. — Besoek ons by eie nuwe perseel. H/v Adderley- en Pellstrate, Port Elizabeth. TK5529

## BETREKKING GEVRA

Oud-geïnterneerde, voorheen 1ste graad sersant S.A. Polisie, 12 jaar diens, sedert vrylating B.Com.-kwalifikasies behaal op laaste paar vakke na, soek betrekking met goeie vooruitsigte. Administratief of uitvoerend. Bestuursondervinding in motorhandel. Sal vennootskap geesgenoot oorweeg. Skryf aan „O. G.", Posbus 28, Stellenbosch. 11/9/3

As Bestuurder of voorman op plaas. Getroud. Volledige kennis van Karakoel-, Bees- en Saaiboerdery. Vir verder besonderhede skryf aan: J. H. van RYSWYK, Die Laan, Stellenbosch.

## BETREKKING VAKANT

GEKWALIFISEERDE MOTORWERKTUIGKUNDIGE BENODIG. — Meld ouderdom, getroud of ongetroud, ondervinding en vroegste datum waarop dienste aanvaar kan word. Salaris £8 per week, lewenskoste-toelae ingesluit. Goeie vooruitsigte vir die regte persoon. — BONNIEVALE GARAGE, Posbus 35, BONNIEVALE. 28/8/4B

'N DAME om wasgoed te tel en te sorteër in 'n klein wassery. Salaris £4-10-0 per maand en vrye inwoning. Moet, indien moontlik, op 10 Oktober begin. Skryf: Bus 40, Belfast.

## BENODIG

VENNOOT OF MOTORDESKUNDIGE. — Ek besit 2 geboue. U verskaf die geld en bestuurder een besigheid. 30 myl van Kroonstad en Heilbron. Tussen die goudvelde van die Vrystaat! Vir verdere besonderhede tree in verbinding met: BOOYSEN MOTORWERKE, H/v Kerk- en Luytstraat, HEILBRON. 25/9/2B

## BOME, PLANTE EN SAAD

HERHOLDT se vars ingevoerde **Groente en Blomsade** het ons aangekom en verseker hoë en super gehalte resultate. Skryf om Pryslys en bestel u voorrade nou vir hierdie voorjaar! Egte plat kring Boerpampoen saad spesiaal uitgesoek, ongeëwenaard vir mark en huisgebruik, 2/6 per ons, 17/6 per lb. Tom Watson Waatlemoen, 2/6 per ons, 17/6 per lb. Nantes ingevoerde suikersoet Wortelsaad, 3/- per ons, 25/- per lb. Copenhagen Mark en Enkhuizen Glory Koolsaad vir mark en huistuin, 2/6 per ons, 22/6 per lb. Viroflay Vitamine Spinasie, 2/6 per ¼ lb. Mastadon Jumbo reusagtige Amerikaanse gesiggies in verskeidenheid van kleure, 2/6 en 5/- per pakkie. Blackmore en Langdon Super Delphiniums, 2/6 en 5/- per pakkie. Kontant of deposito moet bestelling vergesel. Voeg 2/- by vir pak en posgeld. — HERHOLDT'S, Posbus 660, JOHANNESBURG. 28/8/4

KRISANTE. — September—Oktober planttyd. Pragtige sortering kampioen beker veroweraars, Constantia Aarbeirooi, 7/6; Groote Schuur reusagtige rooskleur, 10/6; Remus bekoorlike reuse donkerrooi, silwer agterkant, 2/9; Gladys Payne, die lieflike salm-appelkoos snyblom, 2/9 en 80 ander keurige soorte. Ons puik sorterings hieronder sal u verwagtings oorskadu, pragtige kleure. — **Donou Sortering**: 25/- per dosyn, 15/6 vir 6; **Opera Sortering**, 21/- per dosyn, 12/6 vir 6; **Luukse Versameling**, 18/6 per dosyn, 10/6 vir 6; **Tuin Versameling**, 15/6 per dosyn, 9/6 vir 6; **Barberton Daisies**, pragtige verskeidenheid van kleure, reuse Hybride, 15/6 per dosyn, 8/6 vir 6. **Amerikaanse Boomangeliere**, in pragtige gesorteerde kleure, 7/6, 10/6, 12/6 en 15/6 per dosyn. Verpak en posvry vir kontant met bestelling. Dahlias, Swaardleliebolle, Saad, ens. — HERHOLDT'S, Posbus 660, JOHANNESBURG. 28/8/5

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Detroit Beet 9/-; Chantenay Wortels 12/-; Suiderkruis Blomkool 18/-; Reliance Blomkool 20/-; Kaap Spitzkopkool 10/-; Koel en Broos Komkommer 12/6; Tom Watson en Wonder Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 20/-; Skorsies: Hubbard Groen, Lang Wit Bos en Murg van Groente 10/-; Perstop Raapsaad 7/6. Uie: Australiese Bruin 7/6; Kaapse Plat 9/6; Silver King 10/6; Prei 20/-. Tamaties: Marvel 25/-; Marglobe 40/-. — K.M.B. van PREMIERS, Posbus 11, Schoemanshoek. 3/7/V

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

## EIENDOMME

### TULIBLOK 6,000 MORGE

Weens uitbreiding van besigheid het TERRAFOU HANDELAARS besluit om bogenoemde uitstekende plaas aan Limpoporivier te verkoop. Groot verskeidenheid klein- en grootwild. Uitstekende mopanie- en soetgras-weiveld vir groot- en kleinvee. Uitstekende kans. — Vir besonderhede: TERRAFOU, P.K. Bezuidenhoutskraal, Oor Pienaarsrivier. 4/9/4B

EIENDOMME. — G. en B. PROPERTIES (PTY.) LTD. (voorheen P. G. Groenewald), Stasiewerg 5, PAROW, Afslaers, Huis- en Eiendomsagente. Telefoon 9-8619.

## GEMENG

DRAAI-, PAS- en SWEISWERK en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE. Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

ELEKTRISO (EDMS.) BPK.— Elektrisiteits- en Werktuigkundige Ingenieurs, Voortrekerweg 30, Bellville. Ons doen ankerwikkeling van enige motor of ontwikkelaar. Herstelwerk aan enige elektriese apparaat. Draai-, pas- en sweiswerk. Kom na ons. U werk word snel verrig deur gekwalifiseerde ambagsmanne. Tel. No. 9—7223. 5564-1

ELEKTRIESE WARE. — Vir alle elektriese installasies en benodigdhede raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

ELEKTRIESE WARE.— Bestel nou! Koelkaste, wasmasjiene, stowe, poleerders, radios, meubels. — ELEKTRON KONTRAKTEURS, Keeromstraat 18, KAAPSTAD. Foon 2-5060. 5303-1

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

## GENEESMIDDELS

ASMA-LYERS. — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

BLY JONK.—GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

## HORLOSIEMAKERS

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69.) Foon 2-5454.

Vir horlosiereparasies spreek STEYN en SWART, Posbus 3531, KAAPSTAD. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

HORLOSIES. — Groot verskeidenheid dames en mans polshorlosies teen billikste pryse. Dames: van £1-15-6, £2-15-0; £3-17-6; tot £15. Mans: vanaf £1-17-6, £2-15-0; £3-15-0 tot £17-10-0. Direk van Switserland ingevoer. 5 pst. afslag indien kontant met bestelling saamgestuur word. Ook horlosiebande in goud, roeslose-staal, leer ens. Skryf aan: S.A.I.D.A., Posbus 3476, Kaapstad. 25/9/4.

## HOTELLE

MAJESTIC HOTEL, Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

## KLEREMAKERS

STEYN en SWART, voorlopig h/v. Merriman en Cookstrate, VASCO. Die kleremakers met 'n reputasie. Hou dop vir hul nuwe adres. 5567

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

## MEUBELS

MEUBELS. — Swierige en duursame Tambotie- en Klaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabriekspryse. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL. Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie," Tel. 136.

MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Philips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

## MISSTOWWE

KARROO KRAALMIS MEEL: Beste kwaliteit gelewer in dertien goeie tweede-hand sakke per ton. Teen £1/17/6 per ton, of £1/5/- per ton los in trok. 50 x 50 As mengsel teen £2 per ton in elf sakke per ton, gelewer in trok. Bestellings vergesel van kontant sal voorkeur geniet. C. P. COETZEE, Voortrekkerstraat, PEARSTON. 5530TK

## PATATRANKE

PATATRANKE. — Sesmaande, 7/- vir 80 pond, Driemaande 6/6 vir 40 pond. 8/- vir 1,000, sesmaande-, driemaande-, wit- en borriesteggies. K.M.B. Gelewer Serpentine Sylyn. Tevredenheid gewaarborg. — B. H. GERBER, (C. seun), Olifantshoek, P.K. Hoekwil, GEORGE. 5609TK

PATATRANKE. — Sesmaande patatranksteggies, 9/- per 1,000. Wit en Borrie 10/- per 1,000.—H. ROELOFSE, P/s Serpentine, GEORGE. 5598TK

## TE KOOP AANGEBIED

DE LUXE WINDLAAI-TOESTELLE. —Ons bied die „Super de Luxe" 6 volts model aan teen £10-10-0. 12 volts „Heavy Duty," 225 watts, teen £21. 32 volts, 500 watts, £38-10-0. Hidrometers, 5/-; Batterykloue, 2/4 per paar. Posvry.— SLATERS, Northsrtaat, OOS-LONDEN. 4/9/4

DIAMANTE. — Koop 'n diamant vir u verloofring, vir u belegging, vir borspelde of sierringe, direk van fabriek. Geslyp deur Afrikaners, die beste opgeleide manne in ons land. Skryf om besonderhede aan: S.A.I.D.A., Posbus 3476, Kaapstad. 25/9/4.

## GROOT MARICO

Op 7 September het die manne- en vrouekommando's van Groot Marico 'n geslaagde O.B.-dagfunksie onder leiding van komdt. J. W. van Vuuren en komdte. P. M. van Niekerk gehou. Almal het die dag geniet op Goedgelegen by veldkt. en veldkte. Eksteen. Spesiale vermelding verdien die werk van mev. Engelbrecht en mev. Springhorn, die oudste brandwagte wat teenwoordig was. In die namiddag het genl. M. S. F. Grobler 'n besielende toespraak gelewer. Gedurende die aand het die jongspan hulle met volkspele vermaak.

Die mooi bedrag van £40 is ingesamel.

FIETS ONDERDELE. — Vrywielkamratte 5/-; Terugtrap-buste 25/-; Agterwiel-buste 6/6; Driespoed-buste 37/6; Rubber Handvatsels 1/10 per paar; Rubber Pedale 7/6 per paar; Kettings 4/8; Binnebande (26 x 2) 3/9; (28 x 1½) en enige ander grootte 3/6; Voor en Agter Aste 2/6 elk; Spypennetjies (Cotter Pins) 6d. elk. Elektriese Lampe met Dinamos, 25/- elk. Alles posvry.— SLATERS, Northstraat, OOS-LONDEN. 4/9/4

JUKSKEIE. — Bottelskeie teen 3/9, vierkantige koppe teen 4/6 per paar. Muilswingels 5/6 elk, trekdonkie-swingels 5/- elk, draaghout 5/- elk. KOOS BOTHA, P/S. Serpentine, Dist. George. 11/9/4.

LAMPKAPPE vir Aladdin 2/8 elk, vir „Coleman" tafellampe, 6/3 dos., vir „Coleman" Lanterns 7/3 dos.; vir „Tilley" lampe 8/3 dos.; vir „Primus Optimus Radius" (Single tie) 7/3. Posgeld 4d. vir elke dosyn. Ons het alle „Coleman" parte, insluitende dinamos. — SLATERS, Northstraat, OOS-LONDEN. 4/9/4

SPANPAALTJIES (droppers), lengte en dikte volgens bestelling; enige hoeveelheid. Brandhoud op aanvraag. Gelewer Wolseleystasie. — L. BIELDT, Meulstraat, Wolseley. Foon 24. 48877/52

SPORTBENODIGHEDE: Vir tennisrakette, balle, tafeltennisstelle, visvang- en ander sportbenodighede. Skryf aan BELLVILLE-DIENSTE, VOORTREKKERWEG 121, BELLVILLE.

SPEELGOED: Meccano-stelle, nrs. 1 tot 5; Dinkie-speelgoed; Vliegtuig-modelle en -motors; Opwenspeelgoed, ens. Kom besoek of skryf aan: BELLVILLE-DIENSTE, VOORTREKKERWEG 121, BELLVILLE. 18/9/4

STOFSUIERS (G.E.C.), Elektriese toebehore, breekgoed, ysterware, speelgoed, o.a. Meccanostelle 2—5. ELEKTRON KONTRAKTEURS, Keeromstraat 18, KAAPSTAD. Foon 2-5060. 5303-1

TULBAGH.—Plaas met 2 woonhuise, 42 morge, 3 myl van Tulbagh. Onoortreflike natuurskoon. £4,200. VAN RIEBEECK TRUST, Posbus 48, Bellville.

WA. — 14 voet wat met ysterbande. In eersteklas toestand. Inspeksie welkom. Prys £35 of naaste aanbod. — H. F. CONRADIE, New Munster, Wolseley. 5295-2

## TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

## TE KOOP GEVRA

VLIESE. — As u 'n paar vliese gesonde swart Merinowol het, stuur dan aan my teen nege pennies per pond. — Mej. S. STEYN, Verlorevlei, P.K. Dullstroom.

## RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

INSPAN is tot u diens vir radio en elektriese herstelwerk. Ankerwikkeling (Armature winding) 'n spesialiteit. Vra om besonderhede van ons plaaslik-vervaardigde elektriese-ghitaar. Sonskyn handelsmerk. Let op ons adres: H/V MOUNTAIN- EN EDENWEG, WOODSTOCK. Foon 5-4559. (25/9/TK

## VAKANSIE-OORDE

Vir 'n genotvolle vakansie kom na ideale plaas met sy natuurskoon. Vriendelike behandeling, gerieflike kamers, geurige etes. Billike terme.—Doen aansoek: MEV. A. BADENHORST. 31/7-12/9

## WYNE

VYF GELLING Muscadel-likeur £2 12s. 6d.; anker £3. 17s. 6d.; 5 gelling Rooi of Wit Muscadel, Jeripigo of Beste Ou Port £2 2s. 6d.; anker £3 2s.; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2 18s. 6d.; 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1 15s.; anker £2 11s. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, BONNIEVALE, K.P.

**MINDER SUIKER:** Die suikerkwota sal met die intree van Oktober met 10 persent verminder word, volgens aankondiging van die Departement van Handel. Daar is ook gewaarsku dat die suikertekort aanstaande jaar meer akuut sal wees. Dit is te wyté aan die droogte. Die jongste oes het 476,000 ton gelewer — 86,000 ton minder as verlede seisoen.

## VERJAARDAGKETTING

26 SEPTEMBER: Hester Barnard, George; Harriet Burgers, Bellville; Fesia Weideman, Cradock; Annette Germishuys, Parow; Katharina Burger, Goodwood; Mara Gouws, Prins Albert; Pierre du Plessis, Port Elizabeth; Danie du Plessis, Port Elizabeth; Maria de Lange, Montagu; Josina Burger, Montagu; Karel Pauw, Wellington; Anna Piek, Bothaville; Johannes de Jager, Pietersburg; Cornelus Visagie, Dendron; Christa Giliomee, Potsdam.

27 SEPT.: Emma Deysel, Pearston; Christina Blom, Merweville; Jurie Gouws, Zeekoegat; Thomas Latsky, Kleinfontein; Hettie Marais, Kakamas; Jacobus de Klerk, Wilgenhoutsdrift; Richard Wheeler, Bethlehem; Louise Hattingh, Frankfort; S. E. Oeschger, Koedoeskop; M. J. Oeschger, Koedoeskop.

28 SEPT.: Gustav Gerber, George; Helena Kriel, Mosselbaai; Rudolf Viviers, Wilgenhoutsdrift; Esme Riedeman, Carnarvon; Jacoba van Eck, Port Elizabeth; W. Kaarsteen, Bellville; Johannes Marais, Bulwater; Maria van Vuuren, Kirkwood; Willem Pretorius, Frankfort; Sarel van der Walt, Pos Beauty; C. J. Botes, Maricodraai.

29 SEPT.: Danie Geldenhuys, Stellenbosch; Maria Marcus, Port Elizabeth; Josias Victor, Wynberg; Susanna Kitchoff, Woodstock; Gerhardus en Willem Visagie, Pos Witkop; Ida Neethling, Woodstock; Petrus van der Westhuizen, Maribogo; M. Holtzhuizen, Maribo; H. Lamprecht, Oudtshoorn; Hendrik Boschoff, Wilgenhoutsdrift; George Malherbe, Roelofskamp; Susanna van der Merwe, Middelburg, Tvl.; C. Kruger, Mamagalieskraal; Helena Jacobs, Vischgat.

30 SEPT.: Maria de Koker, Bulwater; Jacoba Erasmus, Merweville; Sanneta Duraan, Grootdrink; Coenraad von Greunen, Kirkwood; P. de Villiers, Pos Paviesvlei; Ella Bergh, Aughrabies; Ernest van der Merwe, Paarl; Delila Smith, Malmesbury; Elizabeth van Rensburg, Kakamas; Hendrik Pretorius, Frankfort; Susara Rohrbeck, Kalkbank; P. Schutte, Pos Kaya-se-put; Vida Baambach, Koster; Dina Nortje, Koster.

1 OKTOBER: Francietta Smit, Witkop; Hester Rossouw, Ashton; Sarel Cloete, Bethlehem; Sagryja Eloff, Boshoek; Hermanus Bezuidenhout, Potchefstroom.

2 OKT.: Johanna Steyn, Karreedouw; Hilmer Venter, Tarkastad; Roberts Pio, Groot-Brakrivier; Cornelius van Huysteen, Port Elizabeth; Johannes Folscher, Marchand; Petronella Fourie, Wesselbron; Susara Coetzee, Bosbokrand; Anna van Wyk, Boshoek; Willem van der Merwe, Gilead.

*Beskerm u Oë*

Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.

**Wahl, Lawrence**
**EN KIE.**
**BRILMAKERS**
**Adderleystraat 120a, Kaapstad**
**Foon 22408**



SIMSONKRAGTIG
GESPIERD
GESONDE LIGGAAM
GESONDE GEES
DIS TOT U BESKIKKING

Vul hier in en pos aan:

DIE HEFER-INSTITUUT VIR GESONDHEID EN LIGGAAMSONTWIKKELING,
Posbus 3494, KAAPSTAD.
Stuur asseblief nadere besonderhede in verband met u Liggaamsontwikkeling-Kursus.

Naam ..........................
Adres ..........................
..........................
Ouderdom..................(6)

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 25 SEPTEMBER 1946

# PLAKBOEKE NUT EN WAARDE

**Die aanlê van plakboeke is seker een van die interessantste gedeeltes van die Boerejeug se werksaamhede. Dit verskaf nie net oneindig veel pret nie, maar is en bly ook altyd baie leersaam.**

Laertrekke is en sal altyd die mees gewildste aktiwiteit van die Boerejeug bly. As daar nou 'n plakboek aangelê word bestaande uit kiekies, beskrywings, sketse, ens. van elke laertrek wat die afdeling self gereël het, of wat hul bygewoon het, sal dit met die loop van jare iets kosbaars word. Al die lesings so vol van kostelike wenke en idees wat op die laertrek gegee is, kry ook hul plekkie in ons boek om later weer gebruik te word. Ons is ook nuuskierig om te weet hoe ander afdelings hul laertrekke reël en wat hulle daar doen. Dus word daar gretig gesoek na uitknipsels en, nog beter, ons korrespondeer met Boerejeugmaats in ander Gebiede en leer so van hulle laertrekke.

'n Ander plakboek wat baie pret verskaf en ook besonder interessant is, veral vir die jong skilderkunstenaar, is die illustreer van alle O.B. en ander Afrikaanse liedjies. Waar die kunstenaar dit onmoontlik vind om 'n skets te maak, word 'n prentjie gesoek wat aan die doel beantwoord. Die aanlê van hierdie plakboek wek nie net alleen groot belangstelling in ons liedjies nie, maar ook die woorde word beter verstaan en ons sing dus ook lekkerder saam.

Helde-verering is mos 'n nasie se plig; ons deel kan ons bydra deur soveel as moontlik van ons helde en hul geskiedenis op te spoor en dit dan in 'n plakboek te bewaar. Ons soek nie net na helde uit die verlede nie, maar ook van die hede. Maar onthou, 'n persoon moet werklik bewys gelewer het dat hy of sy met die benaming „held" kan vereer word voordat sy portret en geskiedenis in ons boek geplak word. Hierdie plakboek dien dan ook sommer terselfdertyd as geskiedenisboek van die afdeling.

Vir die dogters veral is die aanlê van 'n plakboek oor nuttige wenke, resepte en breipatrone baie waardevol. Van hierdie boek word sommer elke dag gebruik gemaak omrede die kostelike wenke en idees wat daarin verskyn.

En die seuns; wat sal dit tog nie vir ons beteken nie, as ons na 'n paar jaar ons plakboek kan oopslaan en weer al daardie staptoere, fietstoere, bergklim, landsdienslaers, en soveel meer waaraan ons deel gehad het, in herlewing kan roep. Al is ons in praktyk nie meer lede nie, sal ons in die gees nog altyd Boerejeug wees en bly!

Veldkornette kan vir elk van hulle Assistente 'n plakboek laat aanlê oor onderwerpe waarin hul die meeste belangstel en dan die drie groepe laat kompeteer vir wie die meeste artikels vir hul boek kan kry, wie hulle boek die netjieste kan hou, ens. Hierdeur sal die belangstelling in die plakboeke nooit verflou nie, temeer as selfs die boek waarin alle interessanthede vir die toekoms bewaar word, deur die eienaar vervaardig word.

# Bedrywighede Van Veldkornetskappe

### HARRISMITH.

Na 'n geslaagde funksie wat gehou is op Saterdag, 10 Augustus, het die Boeredogters van die kommando Harrismith (JC8a6), die mooi bedrag van £13-10-10 ingesamel. Die werk was meesal handewerk en van goeie gehalte.

### STELLENBOSCH.

Gedurende die begin van Augustus het die O.B.-kommando's van die generaalskap Stellenbosch, hul fondsdagfunksie gehou. Ook vir die Boerejeug was daar by dieselfde geleentheid tafels afgesonder.

Met ywer en lus is weke voor die tyd al gewerk — en met arms vol kon die tafels volgemaak word. Net soos die werklus, het die kooplus ook nie ontbreek nie en seuns en dogters kon met trots die gretige kopers help bedien.

Die pragtige bedrag van ongeveer £50 is die dag deur net die Boerejeug geïn.

Die hulp en belangstelling van die ouers word baie hoog waardeer en laat ons meer voel dat die Boerejeug werklik die kinders van die groot-O.B. is.

'n Woordjie van dank aan Mev. M. Toerien wat met haar bydrae van twee mooi skilderye, ons fonds met £11-6-0 gestyf het.

### ROBERTSON.

Vir die eerste keer het die Boerejeug van Robertson saam met die Vrouekommando vir Fondsdag voorberei en ook 'n tafel van hulle eie gehad waar al wat lekker is, verkrygbaar was. Knoopgatruikers is flink van die hand gesit deur jongere lede terwyl die groot dogters by die tafel bedien het.

Die mooi bedrag van £9-12-0 is met hierdie poging ingesamel. Die plan is om ook 'n basaar van ons eie op 26 Oktober te hou waar daar dan tuisgemaakte artikels van die hand gesit sal word. Lede is nou al hard besig om kunstige voorwerpe te vervaardig; maar daaroor later meer.

Met die aanvangs van die vergadering die aand in die stadsaal, het 'n seun en dogter van die Boerejeug die indrukwekkende vlaghysing uitgevoer onder die sing van ons Volkslied. Dit het 'n geweldige indruk op die gehoor gelaat omdat dit die eerste keer is wat hier soiets plaasvind.

### SUTHERLAND.

Onlangs het die Boerejeug van Sutherland 'n baie gesellige naweek op die plaas van Veldkornet P. Theron gaan deurbring. O.a. is deelgeneem aan praktiese dissipline, elke môre is inspeksie gehou, vlagparades geoefen en in die middag het Boerejeuglede leer perdry en spoorsny. Maar die aand om die kampvuur was daarem nog die geselligste waar die program afgewissel is met die speel van volkspele.

Die gees wat tydens hierdie byeenkoms geheers het, was so aangenaam, dat dit sekerlik nie die laaste byeenkoms van sy soort sal wees nie. Ons sien reeds met groot belangstelling uit na die volgende uitstappie.

### ZEERUST (JF9).

Die Boerejeug vorder nou goed in hierdie generaalskap. Meer kommando's is gestig, gevolglik word die area van die Jeugveldkornette kleiner en makliker hanteerbaar. Die Boerejeug is ook hard besig om vir Fondsdag te werk.

Ons wil ook ons waardering uitspreek vir die brief van die Jeugleier in ons blad. Die jeug is baie ingenome daarmee.

Onlangs is die eerste gesinslaer in hierdie generaalskap gehou wat baie aangenaam was. Terwyl die programme gedurende die dag baie leersaam was, was die kampvuur gedurende die aand baie gesellig. Hier het ou veterane uit die Engelse Oorlog persoonlike ondervindings aan die laergangers uit die vryheidstryd meegedeel. Ook is daar 'n paar voordragte deur Boeredogters gelewer. 'n Koor waaraan van die Boerejeug deelgeneem het, het die program aangenaam afgewissel.

Die môre met die offisiële opening het Oupa van der Heever aan die jeug 'n O.B.-vlag present gegee, iets wat baie waardeer word aangesien ons jeug nog glad nie 'n vlag gehad het nie.

Dis die eerste laertrek wat in F9 gehou is en ons sien met groot belangstelling uit na 'n volgende een.

## NYWERAARS NOU VOOR HOF

Duitse nyweraars, waaronder Alfred Krupp, seun van Gustav Krupp, hoof van die ontsaglike Duitse wapen- en staalbedryf, sal voor 'n Amerikaanse militêre hof gedaag word. Amerikaanse vervolgers is sedert November besig om 'n saak teen hom op te stel.

Die naam van Gustav Krupp het eers op die lys van „oorlogsmisdadigers" wat in Neurenberg verhoor word, verskyn, maar weens sy hoë ouderdom is sy seun nou in sy plek aangekla. 'n Aantal direkteure van die Krupp-werke asook van die I.G. Farben-werke sal ook verhoor word.

Die Krupp-werke vervaardig tans wapens vir die Russe sonder Alfred of Gustav se toedoen.

## Brief Nr. 5

Boereseuns en -dogters,

Elkeen van ons moet selfrespek en selfvertroue hê. Elke seun en dogter moet enigeen waterpas in die oë kan kyk. Daarvoor is nodig dat 'n mens 'n geruste gewete en 'n rein gemoed besit. Ook moet jy oortuig voel dat hy van die kragte en kanse die beste gebruik maak.

In ons jeug is ons huislike kring soos 'n muur rondom ons wat ons beskerm en ons sterk. Ons voel dat ons op die steun van ouers, broers en susters kan reken. Ons is trots op ons familienaam, ons is geheg aan ons huis en werf. **Die voorreg om lid van 'n bepaalde gesin te wees, lê op ons 'n plig:** ons moet die goeie naam van die familie handhaaf en alles in ons vermoë doen om ons huismense in diens te wees. Hieroor het die vorige briewe gehandel. Hierdie keer gaan dit oor 'n groter kring waaraan ons behoort, **ons Volk.**

Elk van ons het 'n bepaalde naam, Piet of Koos, Annie of Grieta. As lid van 'n gesin het elk 'n bepaalde van, bv. Piet van Staden, Annie van der Walt. As lede van 'n volk is ons almal **Afrikaners.** Klein en groot maak ons saam die Afrikaanse volk uit, van die jongste Boerebaba tot die oudste grysaard. Dit vorm 'n band tussen oud en jonk, tussen ryk en arm, tussen lede van verskillende gesinne. Hoe sterk hierdie band is, word eers ten volle besef as 'n mens 'n mede-Afrikaner in die vreemde ontmoet. Jy vertoef bv. in 'n vreemde land waar jy elke dag net vreemde sedes moet aanskou. Die mense is miskien teenoor jou hartelik en goed en dit ontbreek jou aan niks nie. Dit is ook interessant om soveel nuwe dinge te aanskou en te belewe, en jy is jou van geen verveling ooit bewus nie. Tog, hoe lekker is dit nie as jy dan plotseling 'n mede-Afrikaner teëkom nie. Hy is miskien 'n wildvreemde, iemand wat jy nooit geken het nie; nou is julle sommer goeie vriende. Hy praat jou taal, hy verlang saam met jou na die Afrikaanse son, na die ruik van die Suid-Afrikaanse veld, en julle lag oor dieselfde grappe. Nie lank nie of julle vind uit dat mense wat die een ken ook aan die ander bekend is; dis selfs moontlik dat 'n familieband opgespoor word. **Bloed en bodem, volk en land lê onbreekbare bande. Ons hoort aan verskillende gesinne, aan verskillende kerke, ons het uiteenlopende beskouinge, maar ons is lede van een volk, ons is almal kinders van Suid-Afrika.**

Geen mens kies sy eie Ouers nie; as hy hom kom kry, is hy die kind van 'n bepaalde Ouerpaar. So kies ook geen mens sy volk nie, hy word as lid van 'n bepaalde volk gebore. As lid van daardie volk geniet hy sekere voorregte, maar het hy ook weer baie duidelike pligte. Dis goed om op hoogte van ons regte te wees, veral as dit die Afrikaner se regte teenoor die nie-Afrikaner geld. Hoeveel keer word die Afrikaner se regte selfs in sy eie land nie vertrap nie; ons is al so gewoon daaraan dat ons dit soms nie eers agterkom nie of dat ons selfs koud laat! Nog beter is dit egter om 'n goeie besef te hê van elke Afrikaner se pligte teenoor sy volk. Die mens wat net aan sy regte dink, vergeet al te maklik sy pligte. Elkeen van ons is baie verskuldig aan ons volk. Maar ook as Afrikanervolk het ons 'n gesamentlike plig en roeping. Besef ons dit?

DIE JEUGLEIER.

## LAERTREKKE ! !

Boerejeuglede van Gebiede C, D, E en F word vir oulaas weer herinner aan die twee laertrekke wat gedurende die Oktober-skoolvakansie op Fouriesburg (stasie) en Mooinooi gehou word. Hoewel die name van persone wat een van die laers sou bywoon, reeds op 10 September in die hande van die Jeugleier moes gewees het, is lede wat na daardie datum besluit het om te gaan, hartlik welkom.

**Vriende en O.B.-lede word hartlik uitgenooi om een van hierdie twee laers met 'n besoek te vereer.**

Vir die dogters is daar 'n spesiale verrassing — bring net asseblief 1 pd. harde vet saam.

**'n Vriendelik dog dringende beroep word op alle O.B.-lede uit hierdie Gebiede wat tente besit, gedoen om dit aan een van die twee laers te leen. Volle besonderhede i.v.m. albei laers is in Boerejeugbevele 3/46 en 4/46 verkrygbaar. Merk die tente wat gestuur word, asseblief net baie duidelik.**

## TOETS U KENNIS

Die uitslag van hierdie kompetisiereeks wat 'n ruk gelede in hierdie blaadjie verskyn het, sal in die volgende uitgawe aangekondig word. Is jy die gelukkige een?

**PENMAAT.** — Lina Stevens van Spitskop, P.K. Banjan, oor Mara, vra 'n penmaat van sewentien jaar of ouer.

**GEEN PERMITTE: Die Pretoriase tak van die vereniging van boubase het verklaar dat hulle genoeg materiaal het om 40 huise per maand te bou, maar dat hulle nie permitte kan verkry om te bou nie. Hulle het 'n telegram aan die waarnemende Eerste Minister en Boukontroleur gestuur waarin hulle verklaar dat hulle wag op toestemming om huise te bou wat dringend nodig is.**

## GROOT KURSUS IN VOLKSPELE EN -SANG

Onder beskerming van die RDB en onder leiding van

*Mev. C. DE RIDDER, Pretoria*
*Mnr. JAN DE VILLIERS, U.S.*

op

STELLENBOSCH
30 SEPT. — 5 OKT. 1946

*Inskrywingsgeld:*
RDB-lede . . . . . . 15/-
Nie-lede . . . . . . £1
Studente halfprys

*Rig aansoeke om toelating met inskrywingsgeld aan:*
*RDB-KANTOOR,*
Posbus 3113, KAAPSTAD

*Losies:* 8/- per dag

*Aansoeke om losies aan:*
Mnr. O. THERON, Skuilhoek, STELLENBOSCH

*

Kursusgangers sorg vir vereiste kleredrag, eie komberse, lakens, sloop, handdoek, gesangboek en F.A.K.-bundel. Nuwe De Ridder-volkspele handleiding verkrygbaar by C.S.V.-Boekhandel, Stellenbosch of RDB-kantoor, Kaapstad.

**Groot Laersaamtrek Maandag, 7 Oktober en Verskeidenheidskonsert Maandagaand deur die RDB-tak.**

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS
**Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.**
SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD
Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.




## Boerejeug Bring Hulde

Die Skiereilandse Boerejeug het op 15 September die grafsteen onthul van wyle jgveldkt. Killie Theron van Bellville, wat tydens 'n laertrek verlede jaar beswyk het. Op die linkerhandse foto staan die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, nadat hy die steen onthul het. Die tablet van die Boerejeug is op die graf te sien, met twee erewagte, jgkomdte. A. Cloete en jgveldkte. N. Geldenhuys op die voorgrond.

Regs: Jeugoffisiere P. Taljaard en E. Mocke gee 'n flinke saluut nadat hulle 'n krans gelê het op die graf van hul ontslape kameraad.



# Hulde aan Ontslape Boerejeugoffisier

**Dit was 'n plegtige oomblik toe die adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, onder doodse stilte die grafsteen van wyle Killie Theron voorverlede Sondag in die Kaapstadse kerkhof onthul het.**

Afdelings van die Boerejeug en O.B. het in gelid aangetree en is langs die graf opgestel terwyl twee damesoffisiere van die Boerejeug 'n erewag gevorm het. „Uit liefde en agting, uit dankbaarheid vir 'n voorbeeldige lewe, uit kameraadskap in die grootste broederkring van die Afrikanerdom, die Ossewabrandwag, onthul ons hierdie steen", het genl. Smith gesê.

Die oorledene wat op tragiese wyse verlede jaar tydens 'n Boerejeug-laertrek beswyk het, was Boerejeug-veldkornet en stafdraer van die Kaapstadse O.B.-blaasorkes.

Die onthulling van die steen is vooraf gegaan deur skriflesing en gebed deur ds. J. H. Steenkamp wat 'n aantal verse uit die eerste sendbrief aan Thessalonicense, hoofstuk 4, voorgelees het. Die O.B.-blaasorkes het die sang begelei en ook ander nommers gelewer.

„As die dood die einde van alles sou wees; as daar nie eens die nagedagtenis was aan hulle wat ons ontval het nie, en die leefwyse en goeie dade wat 'n mens in sy lewe doen, nie bly voortlewe na die dood nie, sou ons nog 'n troosteloser wêreld gehad het as waarin ons leef", het genl. Smith by die onthullingsplegtigheid gesê. Ons sou sonder besieling en rigsnoer uit die verlede soos diere deur die lewe gegaan het.

**SPORE**

Genl. Smith het hulde gebring aan die nagedagtenis van Killie Theron wat as kameraad in die Ossewabrandwag gestry het. Hoewel hy nog jonk was by sy heengaan, het hy sy spore op die pad van ons Volksbeweging vir sy kamerade nagelaat. Helde is nie alleen hulle wat op die slagveld sneuwel nie, maar ook diegene wat uit oortuiging die aanslae op die Christelike lewenswyse trotseer. Dit vereis moed en dapperheid om die aanslae te weerstaan. Die eise aan diegene wat die leuse „My God, my Volk, my land Suid-Afrika" uitleef, is soms hard.

Spr. het voortgaande gewys op die stryd van die Ossewabrandwag en die teenkanting wat hy van mede-Afrikaners moet verduur. In elke daad, of dit nou volksorg, die insameling van fondse vir die onderhoud van die gemartelde in die tronke, of die strewe na volkseenheid is, op al hierdie terreine word die O.B. beveg.

„Tweehonderdduisend van ons lede is politieke in die ban gedoen, politieke regte ontsê, uitgeskop, geboikot in die handel, honderde uit betrekkings gestoot, duisende wat gemuilband is en onmiddellik hul broodwinning sal verloor as hulle hier saam met ons sou vergader om hulde te bring aan 'n Afrikanerseun", het spr. verklaar. Dit vereis moed en durf om die stryd voort te sit. „Daarom bring ons hulde aan hulle wat tot die dood toe volhard het. Ons onthul hierdie steen as 'n blywende getuienis van die goeie stryd wat deur ons medestryder gestry is", het genl. Smith besluit.

Verskeie afdelings van die Skiereilandse Boerejeug, O.B. en naasbestaandes het kranse op die graf gelê.

Na die onthulling van die steen is kranse gelê op die graf van klein Hennie Smith. Ds. J. D. Vorster het hierdie plegtigheid waargeneem.

## Verhoor van Erich Holm

Die voorlopige verhoor van dr. Sidney Erich Holm wat gedurende die oorlog oor die Duitse kortgolfsender, Zeesen, uitgesaai het, het verlede week aan die Rand begin. Verskeie ander Afrikaners wat gedurende die oorlog in Duitsland was, word ook aangehou.

Dr. Holm het reeds in 1923 op sestien-jarige leeftyd na Duitsland vertrek waar hy die doktorsgraad in wysbegeerte behaal het. Tien jaar later het hy teruggekeer. In 1939 het hy saam met sy eggenote weer na Duitsland vertrek waar hy die betrekking as omroeper en vertaler by die Duitse radio aanvaar het nog voor die uitbreek van die oorlog.

Hy word van hoogverraad aangekla omdat hy die Duitse Ryk gedurende die oorlog sou ondersteun het. Drie Duitse onderdane wat saam met Holm gewerk het, het teen Holm getuienis afgelê. Uit hul getuienis blyk dat nuus uit Suid-Afrika ontvang is deur middel van telegramme wat van Lourenco Marques oor Lissabon na Duitsland gestuur is. Koerante is ook oor Lissabon ontvang. Hulle was egter baie oud teen hulle Duitsland bereik het.

Die saak is verdaag tot 14 Oktober.

## Churchill Soek Nou Plaasvervanger Vir Duitse Damwal

**'n Pleidooi vir 'n verenigde Europa onder leiding van Duitsland en Frankryk om Europa uit die tragedie waarin die oorlog dit gestort het te red, is verlede week deur Churchill in 'n toespraak in Switserland gelewer.**

„Daar kan geen herlewing van Europa plaasvind sonder die geestelike verhewe Frankryk en geestelik verhewe Duitsland nie," het hy gesê. Hy het die mening uitgespreek dat die state in Europa moet verenig soos die Verenigde State van Amerika. Die eerste praktiese stap in hierdie rigting sal wees om 'n Europese raad saam te stel. Om die gesin tot stand te bring sal daar deelgenootskap tussen Duitsland en Frankryk moet wees, en hulle sal die leiding van Europa op hulle moet neem. Alleen deur so 'n optrede kan die kultuur en moraal van Europa herwin word.

Hy het gepleit dat die mensdom die les uit die oorlog ter harte moet neem en dat daar genade, regverdigheid en vryheid moet wees.




*Die Nuwe Doeltreffende Aanvalsmiddel teen INSEKPLAE*

AGRICURA „DEESOL"

# 30% DDT Oplossing



VORM MAKLIK 'N EMULSIE MET WATER EN KAN NA WENS VERDUN WORD.

*Die Goedkoopste, Veiligste en Doeltreffendste*



VORM VAN D.D.T. VIR GEBRUIK IN GEBOUE, OP DIERE EN OP PLANTE TEEN ALLE INSEKTEPLAE WAT VIR D.D.T. KWESBAAR IS.

Verkrygbaar by u Ko-operasie, of ander Leweransier.
of direk van

AGRICURA LABORATORIA BPK.
ANDERSONSTRAAT 204, JOHANNESBURG.

Pryse: ¼ Gelling 7/6. 1 Gelling 24/-.

Vra ons om gratis pamflet oo. D.D.T. wat volledige inligting oor hierdie middel gee.



## Daar is 'n rede . . .

**Die merkwaardige opkoms en groei van VOLKSKAS is nie maar bloot toevallig nie. Daar is goeie redes waarom hierdie Bank steeds presteer en uitbrei — en die belangrikste is ongetwyfeld die gehalte van die bankdienste wat deur sy takke gelewer word.**

**VOLKSKAS se deure is oop vir alle gesonde banksake; die privaat persoon ontvang dieselfde flinke aandag as die grootste sake-onderneming; geen transaksie word te klein of te groot beskou nie.**

**As u belangstel in 'n omvattende, doeltreffende bankdiens, gelewer in 'n gees van welwillendheid, beveel ons aan dat u met ons naaste takbestuurder in verbinding tree.**

VOLKSKAS BEPERK

Deposito's Oorskry £10,000,000

ARBEIDSAAMHEID

BANKIERS

HOOFKANTOOR: PRETORIA.